

---

# Standaardwoordeboek en kernwoordeboek: 'n Vergelykende evaluering

Herman L. Beyer, *Departement Germaanse en Romaanse Tale, Universiteit van Namibië, Windhoek, Namibië (hbeyer@unam.na)*

---

**Opsomming:** Hierdie artikel probeer om 'n evaluering te gee van die vierde uitgawe van die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* wat in 2000 verskyn het, in vergelyking met *Kernwoordeboek*, waarvan die eerste uitgawe in 2000 gepubliseer is. Die ooreenkomste en verskille tussen die eksponente van hierdie twee woordeboektypes in die Afrikaanse leksikografie word uitgelig deur te fokus op die voorwerk, die makrostruktuur, die toegangstruktuur en aspekte van die mikrostruktuur in die sentrale teks. Gebruikersvriendelikheid en die leksikograaf se plig om verantwoording aan die gebruiker te doen, geld as belangrike kriteria. Die konsep *kernwoordeboek* vir leksikografiese doeleindes word ondersoek en metodes om die kernwoordeboek as makrostruktuur van 'n kernwoordeboek te bepaal, word krities beskou. Ander Afrikaanse woordeboeke word vergelykend betrek ten einde bepaalde aspekte van heersende leksikografiese praktyk uit te wys.

**Slutelwoorde:** EKSTERNE TOEGANGSTRUKTUUR, FREKWENSIE, GEBRUIKERSVRIENDELIK, INTERNE TOEGANGSTRUKTUUR, KERNWOORDEBOEK, KERNWOORDESKAT, LEKSIKALE ITEM, LEKSIKOGRAAF, LEKSIKOGRAFIE, LEKSIKON, LEMMA, LEMMATEKEN, LEMMATISERING, MAKROSTRUKTUUR, METATEKS, MIKROSTRUKTUUR, NESTING, NISTING, SELEKSIE, SENTRALE TEKS, STANDAARDTAAL, STANDAARDWOORDEBOEK, SUBLEMMATISERING, TEKSVERDIGTING, TIPOLOGIE, TOEGANGSTRUKTUUR, TOELIGTING, VERANTWOORDING, VOORWERK, WOORDESKAT

**Abstract: Standard Dictionary and Core Vocabulary Dictionary: A Comparative Evaluation.** This paper attempts to give an evaluation of the fourth edition of the *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, which appeared in 2000, compared to *Kernwoordeboek*, of which the first edition was published in 2000. The similarities and differences between the exponents of these two dictionary types in Afrikaans lexicography is addressed by focusing on the front matter, the macrostructure, the access structure and aspects of the microstructure within the central text. Userfriendliness and the lexicographer's obligation to give account to the user serve as important criteria. The concept *core vocabulary* for lexicographical purposes is examined and methods to determine the core vocabulary as macrostructure of a core vocabulary dictionary is viewed critically. References to other Afrikaans dictionaries are made to point out certain aspects of current lexicographical practice.

**Keywords:** ACCESS STRUCTURE, ACCOUNT, CENTRAL TEXT, CORE VOCABULARY, CORE VOCABULARY DICTIONARY, EXTERNAL ACCESS STRUCTURE, FREQUENCY, FRONT MATTER, INTERNAL ACCESS STRUCTURE, LEMMA, LEMMA SIGN, LEMMATISA-

TION, LEXICAL ITEM, LEXICOGRAPHER, LEXICOGRAPHY, LEXICON, MACROSTRUCTURE, METATEXT, MICROSTRUCTURE, NESTING, NICHING, SELECTION, STANDARD DICTIONARY, STANDARD LANGUAGE, SUBLEMMATISATION, TEXTUAL CONDENSATION, TYPOLOGY, USER'S GUIDE, USERFRIENDLY, VOCABULARY

## 1. Inleiding

Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (voortaan HAT) het in 2000 sy vierde uitgawe (Odendal en Gouws 2000 — voortaan HAT<sup>4</sup>) beleef. Dit is slegs ses jaar na die derde uitgawe (Odendal et al. 1994 — voortaan HAT<sup>3</sup>), wat die kortste periode is wat tussen twee uitgawes van dié woordeboek verloop het: Tussen die eerste uitgawe (Schoonees et al. 1965) en die tweede uitgawe (Odendal et al. 1979) het 14 jaar verloop, en tussen die tweede uitgawe en HAT<sup>3</sup> het 15 jaar verloop. Sedert die eerste uitgawe het HAT onder leiding van P.C. Schoonees en veral sedert die tweede uitgawe onder F.F. Odendal homself as een van die mees gebruikte handwoordeboeke in Afrikaans gevestig en 'n belangrike standaardiserings- en normeringsfunksie vervul (Carstens 1995: 139). Volgens Carstens (1995: 139-142) is die HAT in sy verskillende uitgawes 'n sosiohistoriese dokument wat veral sedert die demokratisering van Suid-Afrika in 1994 'n fokusverskuiwing van elitisme na populisme ondergaan het. HAT kan dus ook as sosiokulturele produk beskryf word.

HAT<sup>3</sup> word in minstens twee resensieartikels, naamlik Carstens (1995) en Van der Merwe (1994) bespreek. Volgens die "Voorwoord by die Vierde Uitgawe" in HAT<sup>4</sup> (2000: v) het dié uitgawe nie ingrypende verandering ondergaan nie. Die fokus by die hersiening van HAT<sup>3</sup> het naamlik geval op die daarstel van 'n meer verteenwoordigende makrostruktuur ten opsigte van kontemporêre Afrikaans, enkele wysigings in die interne toegangstruktuur ten einde gebruikersvriendelikheid te verhoog, en die aangawe van meer sitate, ook uit ligter literatuur, as voorbeeldmateriaal. Wanneer HAT<sup>4</sup> met HAT<sup>3</sup> vergelyk word, sal daar dus nie van ingrypende mikrostrukturele veranderinge sprake wees nie; daarom geld Carstens (1995) en Van der Merwe (1994) se kommentaar op HAT<sup>3</sup> ook grootliks vir HAT<sup>4</sup>.

In 2000 verskyn ook *Kernwoordeboek* (Odendal 2000 — voortaan KW), 'n splinternuwe woordeboek in die Afrikaanse leksikografiese spektrum. Volgens die "Voorwoord" (KW 2000: iii) vul KW 'n leemte "wat betref die omvang, struktuur en hulpmiddels, wat tot dusver in Afrikaanse verklarende woordeboeke bestaan het. [...] Eerstens is, met weinig uitsonderings, woorde en vorme uit die standaardtaal opgeneem. [...] Die strewe was om die kernwoordeskat van Afrikaans te verklaar."

Die doel van hierdie artikel is om HAT<sup>4</sup> met KW te vergelyk ten einde te kan wys op die ooreenkomste en verskille tussen standaardwoordeboek en kernwoordeboek ten opsigte van tipologiese plasing, makrostruktuur, toegangstruktuur en mikrostruktuur, sowel as op moontlike tekortkominge in dié strukture. Dit gaan dus nie soseer oor 'n vergelyking tussen HAT<sup>4</sup> en HAT<sup>3</sup> nie,

hoewel enkele veranderinge in die jongste uitgawe wel uitgelig word. Ander beperkte en standaardwoordeboeke word ook vergelykenderwys betrek. Die voortekste van HAT<sup>4</sup> en KW sal ook krities beskou word.

## 2. Tipologiese plasing

### 2.1 HAT<sup>4</sup>

HAT<sup>4</sup> staan in die sentrum van die tipologiese spektrum van Afrikaanse woordeboeke — as sinchroniese standaard verklarende woordeboek. Wat HAT<sup>4</sup> wil doen, "is om die algemeenste woorde van Standaardafrikaans op te neem en in hulle verskillende betekenisonderskeidinge in te deel, verder met soveel voorbeelde van hulle gebruikstoepassing as wat ruimte toelaat" (HAT<sup>4</sup> 2000: vi). HAT<sup>4</sup> vervul dus primêr 'n deskriptiewe funksie deurdat die leksikon van Standaardafrikaans beskryf word. 'n Normatiewe funksie is egter ook ter sprake, naamlik dat in die mikrostruktuur onder andere bepaalde oordele oor sommige lemmata as synde nie verteenwoordigend van Standaardafrikaans nie, in die vorm van hoofsaaklik leksikografiese etikette, maar by geleentheid ook minder eksplisiet, uitgespreek word. Dit hou onder meer in dat nie slégs standaardtaalitems in die makrostruktuur opgeneem word nie: "Nuwe woorde wat algemeen in die spreektaal voorkom, vind neerslag in hierdie uitgawe van die woordeboek. Dit sluit ook 'n aantal leenwoorde en verafrikaanste vorme uit Engels in wat veral in die geselstaal voorkom, bv. *cool, sorry, oukei, orraait*.<sup>1</sup> Hierdeur gee HAT ook erkenning aan die taalgebruik van 'n groot groep sprekers van die standaardvariëteit van Afrikaans" (HAT<sup>4</sup> 2000: v).

Die teikengebruiker van HAT<sup>4</sup> is waarskynlik die gemiddelde taalgebruiker, dit wil sê die gemiddelde volwasse moedertaalspreker van Afrikaans wat oor 'n graad 12-skoolkwalifikasie of die ekwivalent daarvan beskik.

### 2.2 KW

Die tipologiese plasing van KW is enigsins problematies. In die "Voorwoord" word geen melding van die spesifieke doel of teikengebruiker van dié woordeboek gemaak nie; daar word slegs genoem dat die woordeboek daarna strewe om die kernwoordeskat van Afrikaans te verklaar (KW 2000: iii). In die Afrikaanse leksikografiese spektrum bestaan 'n ander woordeboek wat ook daarop aanspraak maak dat dit die kernwoordeskat van Afrikaans verteenwoordig, naamlik *Basiswoordeboek van Afrikaans* (Gouws, Feinauer en Ponelis 1994 — voortaan BW). In die "Voorwoord" van BW word egter duidelik gemeld dat die woordeboek afgestem is op die aanleerder van Afrikaans — dit maak 'n sinvolle tipologiese plasing moontlik. (Oor die aanspraak op die verteenwoordiging van die kernwoordeskat van Afrikaans deur én BW én KW word in die bespreking van die makrostruktuur uitgebrei — vgl. 4.1).

Die feit dat KW geen spesifieke teikengebruiker of gebruiksdoel in sy voorwerk vermeld nie, laat die evalueerder en potensiële gebruiker oor aan die strukture van die woordeboek om te bepaal vir watter doeleindes die woordeboek wel geskik kan wees. Dit is dus nie noodwendig onmiddellik seker watter "leemte" KW in die bestaande versameling Afrikaanse verklarende woordeboeke vul nie.

Die afwesigheid van 'n Afrikaanse verklarende skoolwoordeboek, die aanspraak dat KW die kernwoordeskat van Afrikaans verteenwoordig, en aspekte van die toegang- en mikrostrukture van KW dui daarop dat dié woordeboek moontlik as 'n skoolwoordeboek op die moedertaal- of tweedetaalspreker van Afrikaans in die primêre en/of sekondêre skoolfasies afgestem kan wees. Die woordeboek blyk nie geskik te wees vir vreemdetaalaanleerders van Afrikaans nie; daarvoor bestaan BW buitendien. KW is dus moontlik as skoolwoordeboek saamgestel. Die voorwerk van KW laat ongelukkig nie 'n sekerder begrensing van die teikengebruikergroep toe nie. In die res van hierdie artikel sal die perspektief van die skoolleerder as moontlike teikengebruiker gehandhaaf word.

### **3. Die voorwerk**

#### **3.1 Leksikografiese verantwoording**

Volgens Wiegand (1996: 135-136) se teksteorie kan die tekste in 'n woordeboek aan een van drie tipes behoort: die verpligte voorwerk, die verpligte sentrale teks en 'n opsionele agterwerk. Saam vorm hierdie tekste die makroteks. Die verband tussen die verskillende tekste in die makroteks word deur 'n min of meer gedifferensieerde woordeboekinterne mediostruktuur daargestel.<sup>2</sup> Dit is duidelik dat Wiegand se benadering 'n wisselwerking tussen die verskillende tekste in die woordeboek veronderstel; die onderskeie tekste staan apart, maar werk saam. Die verpligte voorwerk bevat 'n verpligte metateks, oftewel 'n gebruikersgids (Wiegand 1996: 136). Die gebruikersgids is 'n uiters belangrike teks in die woordeboek, want daarin verklaar die leksikograaf die werkswyse wat in die saamstel van die ander tekste (vernaamlik die sentrale teks) gevolg is. Soos wat vir die res van die woordeboek geld, is die gebruikersgids op die gebruiker van die woordeboek gerig; dus behoort die interne en eksterne struktuur van hierdie teks so aangebied te word dat dit vir die gemiddelde gebruiker toeganklik is.

#### **3.2 Voortekste in HAT en KW**

Wat metatekste betref, het HAT eers relatief onlangs op die toneel verskyn. Tot en met die tweede uitgawe (Odendal et al. 1979) is daar geen leksikografiese verantwoording nie. HAT<sup>3</sup> verteenwoordig 'n waterskeiding in gebruikersleiding in dié woordeboek. 'n Uitgebreide leksikografiese verantwoording is in die "Voorwoord by die Derde Uitgawe" opgeneem, wat sonder wysiging in

HAT<sup>4</sup> verskyn. Hierdie verantwoording sluit die woordeboek se doelstelling en werkswyse in.

Hoewel 'n volledige leksikografiese verantwoording soos wat in HAT<sup>4</sup> verskyn goeie leksikografiese praktyk verteenwoordig, doen die tekstuele struktuur waarin die metateks gegiet is egter afbreuk aan die meriete daarvan. Die probleem lê hier naamlik op twee vlakke. Eerstens behoort die gebruikersleiding nie deel van die "Voorwoord" te vorm nie, maar behoort onder 'n eie opskrif soos "Gids/Toeligting vir die gebruiker" as aparte voorteks te figureer. Tans val opmerkings van 'n meer persoonlike aard en die weergee van 'n tipiese artikelstruktuur binne een teks, wat die funksionaliteit daarvan kompromitteer. Volgens Wiegand (1996: 140) bestaan die voorwerk van 'n woordeboek nie slegs uit een teks nie; verskillende voortekste kan (en behoort) onderskei te word, waaronder die voorblad, die inhoudsopgawe, die voorwoord, die lys van afkortings, kort notas oor gebruik, leksikografiese verklarings en meer uitgebreide notas oor gebruik. Tweedens behoort die eksterne struktuur van die teks sodanig te wees dat die gebruiker maklik toegang tot 'n bepaalde onderafdeling kan kry. Dit kan bewerkstellig word deur die teks in duideliker onderafdelings te verdeel, elk met 'n eie opskrif wat tipografies van die res van die teks verskil. Voorbeelde van sulke opskrifte sou insluit "Aanduiding van woordsoort", "Afleidings en samestellings", e.s.m. Toeganklikheid tot die metateks sal sodoende verhoog word en die gebruiker kan gevolglik meer geneig wees om die metateks te raadpleeg om 'n spesifieke probleem op te los. Die relatiewe ontoeganklikheid van die teks soos dit tans daar uitsien, skrik die woordeboekgebruiker eerder af as wat dit hom/haar aanmoedig om die gebruikersleiding aanvanklik te lees en/of later te raadpleeg.

'n Welkome toevoeging tot die voorwerk in HAT<sup>4</sup> is 'n geannoteerde skematiese uiteensetting van die tipiese struktuur van 'n woordeboekartikel. Hierdie uiteensetting gee aan die gebruiker 'n duidelike oriëntering ten opsigte van die datakategorieë wat in woordeboekartikels voorkom, en ten opsigte van waar in die artikels elke kategorie gehuisves word. Die struktuuruiteensetting word ook woordeliks in die "Voorwoord" verduidelik.

Leksikografiese etikette word onder die opskrif "Etikette in hierdie woordeboek" in HAT<sup>4</sup> se voorwerk opgeneem. Van die 69 etikette wat hier aangebied word, bestaan slegs nege nie uit afkortings nie; dié etikette wat wel afkortings is, se volvorme word verstrekk. 'n Kort verklaring van die omstandighede waaronder sodanige etikette in die sentrale teks aangewend word, word aangebied waar van toepassing. Voorbeelde van lemmata waar 'n bepaalde etiket tipieserwys sal voorkom, word ook ingesluit. Vergelyk die inskrywing van die volgende etiket:

(1) **hist.** histories

Aanduiding dat die woord om geskiedkundige redes opgeneem word alhoewel dit meestal nie meer algemeen gebruik word nie, bv. *Gaskonjer*, *gasreg*, *geheimseel*, *groenboek*, *independente fisikaal*, aan die *kaak* stel, *kortelas*, *kroon* (muntstuk), *Onderveld*, *wapenkneg*.

Hierdie inskrywing gee aan die gebruiker volkome leiding oor die funksie en aanwending van etikette, en verteenwoordig goeie leksikografiese praktyk. 'n Enkele probleem met hierdie afdeling in HAT<sup>4</sup> se voorwerk is egter dat ook ander redaksionele afkortings onder dié opskrif tuisgebring word, naamlik **mntl.** (*moontlik*) en **wsk.** (*waarskynlik*). Volgens Gouws (1988: 4) verwys die term *etiket* na "daardie inskrywing(s) in 'n woordeboekartikel wat as merkers optree om die lemma of 'n ander inskrywing in die artikel se beperkinge ten opsigte van byvoorbeeld stylaard, gebruiksfuur en geografiese voorkoms aan te dui". Dit is duidelik dat hierdie term nie ander redaksionele afkortings in bestek het nie; trouens, in HAT<sup>3</sup> word dieselfde afdeling onder die opskrif "Gebruiklikste etikette en afkortings" tuisgebring.<sup>3</sup> Redaksionele afkortings het 'n ander funksie as etikette: hulle word naamlik ter wille van ruimtebesparing in veral die betekenisparafrases en kotelesinskrywings aangewend, en verteenwoordig 'n teksverdigtingstrategie. Ander voorbeelde van redaksionele afkortings wat in HAT<sup>4</sup> voorkom, is **bv.** (*byvoorbeeld*), **e.d.** (*en dergelike*), **ens.** (*ensovoorts*) en **vgl.** (*vergelijk*). Die feit dat hierdie afkortings standaardafkortings in Afrikaans is en ook as lemmata opgeneem is, behoort volledigheidshalwe minstens genoem te word. Ter wille van akkurater leksikografiese verantwoording en groter gebruikersvriendelikheid sou twee aparte voortekste, een wat redaksionele afkortings verstrek en een wat etikette aangee, beter deug. (Etikette word klaarblyklik nie in KW aangewend nie; meer hieroor in die bespreking van die mikrostruktuur — vgl. 6.4.2.)

Die voorwerk in KW bestaan uit 'n "Voorwoord" waarin inligting oor die seleksie van lemmata, die metode van betekenisverklaring, die toepassing van voorbeeldsinne, die groepering van afkortings en enkele aspekte van die gebruik van nietipografiese struktuurmerkers aangebied word. 'n Sistematiese en volledige verklaring van die doelstelling en die werkswyse van die woordeboek, soos wat in HAT<sup>4</sup> verskyn, is afwesig (vgl. weer 2.2). Ook geen geannoteerde skematiese uiteensettings van tipiese woordeboekartikels verskyn ter toeligting in die voorwerk nie. Indien KW as skoolwoordeboek gebruik word, kan hierdie gebrekkige metateks leerders se opleiding in effektiewe woordeboekgebruik kniehalter. Een van die belangrikste punte wat by die opleiding van woordeboekgebruik onder die aandag van gebruikers gebring behoort te word, is (a) die ideaal dat die gebruiker die metateks moet deurlees voordat die sentrale teks geraadpleeg word, en (b) dat die gebruiker enige tyd na die metateks behoort terug te keer indien enige onduidelikheid in die raadpleeg van die sentrale teks voorkom. Indien die woordeboek wat as opleidingsinstrument gebruik word nie 'n volledige en gebruikersvriendelike metateks bevat nie, sal hierdie basiese gebruiksbeginsels deur die woordeboek self ondermyn word.

Ter opsomming: Die metateks in HAT<sup>4</sup> verteenwoordig goeie leksikografiese praktyk deurdat dit 'n volledige leksikografiese verantwoording aanbied. Die metateks in KW is onvoldoende en behoort verbeter te word, veral gesien in die lig van die potensiële teikengebruiker.

#### 4. Die makrostruktuur

Die makrostruktuur van 'n woordeboek het te doen met die leksikale items wat geselekteer is om as lemmata in die woordeboek opgeneem te word (Gouws 1989: 40).

In die geval van HAT<sup>4</sup> bestaan die makrostruktuur uit die algemeenste leksikale items wat in Standaardafrikaans voorkom, sowel as daardie leksikale items wat deel van die algemene geselstaal van sprekers van Standaardafrikaans uitmaak. Laasgenoemde groep lemmata behoort spesiale bewerking te ondergaan deur van leksikografiese etikette voorsien te word. Ander lemmata wat van etikette voorsien behoort te word, is onder meer leksikale items wat die leksikon van 'n bepaalde vaktaal of sosiolek verteenwoordig.


Beide KW en BW maak daarop aanspraak dat hulle die kernwoordeskat van Afrikaans verteenwoordig, hoewel dié twee woordeboeke verskillende gebruikersgroepe teiken. Hierdie verskynsel vra om die uitklaring van die begrip *kernwoordeskat*.

##### 4.1 Die konsep *kernwoordeskat*

Die term *kernwoordeskat* het geen eenduidige denotasie nie. Ten minste drie breë toepassings kan ten opsigte van dié konsep ingebring word. Die eerste toepassing het te doen met die struktuur van daardie elemente waaruit die leksikon bestaan; die tweede is gebaseer op die produk van 'n bepaalde fase in die taalverwerwingsproses van die taalgebruiker; en die derde toepassing het betrekking op die gebruiksfrekwensie van die elemente waaruit die leksikon bestaan. Die potensiële toepassing en waarde van hierdie drie benaderings vir die leksikografie word hieronder uiteengesit, en word gevolg deur 'n voorstel vir 'n semanties bevredigende benadering tot die vasstel van die omvang van 'n kernwoordeskat.

##### 4.1.1 Die struktuur van die leksikonelemente

Eksteen (1989: 359) gebruik 'n konsentriese model om die begrip *kernwoordeskat* te verduidelik, soos in Figuur 1 weergegee.



**Figuur 1:** Eksteen (1989) se konsentriese woordeskatstruktuur (K = kernwoordeskat; UK = uitgebreide kernwoordeskat; R = randwoordeskat)

Volgens Eksteen (1989: 358) bestaan die kernwoordeskat (K) uit "die sentrale groep ongelede leksikale items (simplekse items) waaruit die uitgebreide kernwoordeskat (UK) gevorm word, wanneer leksikaal gelede leksikale items (komplekse items) ontstaan, hoofsaaklik deur afleiding en samestelling. Die randwoordeskat (R) hieromheen bestaan uit versamelings van minder of meer gespesialiseerde leksikons op allerlei diverse terreine, vanaf ambagstale, groepsstale en kunstale tot by wetenskaplike vaktale". Dit is 'n hoogs vereenvoudigde representasie van die leksikon wat nie vir leksikografiese doeleindes toepasbaar is nie. Beide simplekse en komplekse leksikale items verteenwoordig vanuit 'n leksikografiese oogpunt leksikonitems uit eie reg wat vir opname in 'n woordeboek kwalifiseer (vgl. o.m. Gouws 1989: 87).

#### 4.1.2 Die bereik van 'n bepaalde fase in die taalverwerwingsproses

Die tweede benadering tot die beskrywing van die begrip *kernwoordeskat* gaan van die standpunt uit dat die kernwoordeskat bestaan uit die produk van 'n bepaalde fase in die taalverwerwingsproses wat deur 'n taalgebruiker in sy/haar ontwikkeling bereik is. Hierdie produk vind neerslag in die versameling leksikale items wat die kernwoordeskat opmaak. Om die omvang van hierdie produk te bepaal, is egter geen eenvoudige taak nie.

Singleton (2000: 167-170) beskryf drie fases van woordeskatverwerwing. In die eerste fase maak die kind uit presies wat woorde is, hoe hulle gebruik kan word om na sake te verwys, e.s.m. Sowat 30 woorde word in hierdie fase verwerf. In die tweede fase vind 'n sogenaamde woordeskatontploffing plaas waartydens 'n groot aantal woorde teen 'n hoë tempo aangeleer word. Volgens Van der Merwe (1968: 111) leer 'n kind binne die eerste drie lewensjare die grootste deel van sy/haar alledaagse woordeskat aan. Die derde fase is een waarin leksikale kennis gekonsolideer, hersien en herorganiseer word. Volgens Singleton (2000: 170) begin die derde fase in die voorskoolse jare, en gaan voort in die primêreskooljare en selfs tot met volwassenheid. Trouens, Carroll (1971: 124, vlg. Singleton 2000: 170) beweer dat 'n persoon se woordeskat tot op die ouderdom van 40 beduidend toeneem, en Diller (1971: 29, vlg. Singleton 2000: 170) is van mening dat daar geen punt voor sterfte is dat 'n afname in leksikale verwerwing voorspel kan word nie. Hieruit volg dat dit dus baie moeilik sal wees om die omvang van 'n leksikon vir 'n bepaalde fase te probeer identifiseer. Boonop bevraagteken Dromi (1987: 12) die algemene gebruik om taalverwerwing in fases te verdeel sonder dat sodanige identifikasies wetenskaplik deeglik verantwoord is. Voeg hiertoe die byna oneindige aantal intrinsieke en ekstrinsieke faktore wat elke individu se woordeskatverwerwing beïnvloed (bv. die mentale vermoë om woorde in semantiese velde te groepeer, die mate van blootstelling aan die taal — vgl. Dromi 1987, Gleitman en Landau 1994 en Singleton 2000), en die gevolgtrekking moet wees dat dit "onmoontlik [is] om 'n naastenby eenvormige kernwoordeskat vir volwasse [of enige ander — HLB] Afrikaanssprekendes te bepaal" (Combrink 1990: 225). Selfs Combrink (1990: 225)



se intuïtiewe werksdefinisies is moeilik uitvoerbaar: "Die kernwoordeskat is dié woordeskat waaroor 'n kind beskik wanneer hy die eerste keer skool toe gaan. Die randwoordeskat is dié woordeskat wat 'n kind aanleer nadat hy begin skoolgaan het." Buitendien is daar volgens Van der Merwe (1968: 145) ook nie konsensus oor wat presies die omvang van 'n kernwoordeskat sou wees nie: "Hoe groot hierdie kernwoordeskat is, of behoort te wees, is nie met sekerheid te bepaal nie: sommige stel dit op minstens 10 000 woorde; andere meen dat 1 000 voldoende is."

Om 'n enigsins akkurate, eenvormige kernwoordeskat te identifiseer en te karteer na aanleiding van die taalontwikkelingsfases van taalgebruikers is tans dus nie 'n praktiese alternatief vir die leksikograaf nie. Hierdie teoretiese konstruksie sal ter onderskeid vervolgens die *kognitiewe kernwoordeskat* genoem word.

#### 4.1.3 Gebruiksfrekwensie as maatstaf

Waarskynlik die praktiesste en eenvoudigste manier — gegee hedendaagse tegnologie — om 'n (kern)woordeskat se omvang en aard vas te stel, is deur middel van frekwensietellings. Deur taalkorpora te gebruik, is dit moontlik om te bepaal watter items in die woordeskat die meeste in gesproke en geskrewe tekste voorkom. Deur die toepassing van 'n bepaalde drempelwaarde sou dus beweer kon word dat items met 'n frekwensie hoër as die drempelwaarde deel is van die kernwoordeskat, terwyl items met 'n laer frekwensie as die drempelwaarde buite die grense van die kernwoordeskat val. Die samestellers van BW meld dat dié woordeboek op die kernwoordeskat van Afrikaans fokus en dat "by die keuse van woorde vir behandeling [...] die skrywers hulle laat lei (het) deur 'n bestaande frekwensietelling wat 'n lysing bied van die gebruiklikste Afrikaanse woorde" (BW 1994: iii). Daar word egter nie gemeld watter spesifieke frekwensietelling ter sprake is nie. Die woordelys *40 000 woorde* (Bresler 1978) se makrostruktuur is ook grootliks op 'n frekwensietelling gebaseer (Bresler 1978: iv). Vanuit 'n kognitiewe perspektief op die leksikon sou die makrostruktuur van BW egter nie noodwendig 'n toereikende verteenwoordiging van die konsep *kernwoordeskat* wees nie. 'n Frekwensietelling sou in die eerste plek dui op die *aktiewe woordeskat*, dit wil sê daardie items in die woordeskat wat die frekwentste in taalgebruik voorkom. Die situasie kan wel wees dat sekere items wat as kernwoordeskatitems geld, nie noodwendig frekwent in taalgebruik voorkom nie. Een van die redes hiervoor is waarskynlik dat geen taalkorpus, hoe uitgebreid ook al, volledig verteenwoordigend van outentieke taalgebruik kan wees nie. Veral spreektaal word tans slegs in 'n beperkte mate in Afrikaanse korpora verteenwoordig. As voorbeeld kan die leksikale item *mamma* geneem word. Dié item val heel waarskynlik onder die eerste 30 woorde wat 'n kind aanleer en kan derhalwe tereg as 'n kernwoordeskatitem beskou word. Die vraag is egter of dié item ook onder die eerste 30 frekwentste woorde in 'n frekwensietelling sou opduik. Die punt hier is nie dat die hoë frekwensie van die item *mamma* in twyfel getrek word nie, maar eerder hoe akku-

raat 'n frekwensietelling die gebruik daarvan sal weergee. Op die oog af blyk dit nie 'n ernstige probleem te wees nie. Indien dit egter gaan om woorde wat nader aan die gekose drempelwaarde vir sogenaamde kernwoordeskatitems val, kan dit wees dat werklike kernwoordeskatitems uiteindelik nie in die makrostruktuur van 'n kernwoordeboek opgeneem word nie, óf omdat daardie items wél frekwent voorkom maar om die een of ander rede nie in die korpus opgeneem is nie, óf omdat daardie items wél deel uitmaak van die kernwoordeskat maar deel is van die passiewe kernwoordeskat. Teen hierdie agtergrond is 'n spreker se kernwoordeskat nie noodwendig gelyk aan sy/haar aktiewe woordeskat nie (vgl. Van der Merwe 1968: 146). 'n Woordeboek wat op frekwensietellings alleen steun vir die afbakening van 'n kernwoordeskat sal nie 'n akkurate weergawe van die kernwoordeskat kan bied nie. Waarskynlik as gevolg van 'n gebondenheid aan die genoemde frekwensietelling is onder meer die volgende 55 leksikale items nie in die makrostruktuur van BW in die artikeltrajek van S opgeneem nie, terwyl die items volgens intuïtiewe oordeel alledaagse Afrikaans verteenwoordig en waarskynlik deel van die kernwoordeskat van Afrikaans vorm:

- (2) *sebra, sekonde, seldery, September, serp, servet, sif, sjokolade, skaats, skaatsplank, ski, skilpad, skoenlapper, skolier, slaai, slaap (sywand v.d. voorkop), smeer, smiddags, s'n, snags, sneeu, sonbrand, soontoe, sopnat, sosatie, sous, spaghetti, spanspek, spasio, spek, speld, spinasie, spoel (water), spons, springbok, staander, staat, standbeeld, stapel (~ boeke), steen, steenbok, stillees, stort, stortbad, stronk, strooimeisie, stroop (s.nw.), suid, Suidpool, supermark, sus, sussie, suurlemoen, swik (verstuit), sypaadjie.*

Terwyl die items in (2) nie in BW gelemmatiseer is nie, is die volgende items wél as lemmata opgeneem, hoewel sommige van hulle op die kernwoordeskat-skaal waarskynlik laer sal lê (dus verder van die "kern" af) as die items in (2):

- (3) *saamsmelt, salueer, sambok, sambreel, sampioen, sarkasme, sauna, saxofoon, scenario, sedertdien, seekoei, seeman, seespieël, seggenskap, seksskat, selfvertroue, sentrum, senuweeagtig, sielodend, sielkunde, sigbaar, simbool, sinoniem, skadeloos, skakelbe-ampte, skandaal, skeidsregter, skiereiland, skors (straf), slagoffer, slagyster, sleepboot, soggens, solo, sondebok, soogdier, sowel, spandabel, spannend, speurder, sport (trap-pie), spraakloos, spysenier, staatsdiens, staking, standaardtaal, steenkool, stikdonker, stokkiesdraai, strokiesverhaal, suiwel.*

Die items in (2) toon hoe gebondenheid aan 'n frekwensietelling sekere items wat in die makrostruktuur van 'n bepaalde woordeboek behoort, kan uitsluit. Otto (1995: 220) wys op 'n verdere nadeel van gebondenheid aan 'n frekwensietelling by die bepaling van die makrostruktuur, naamlik "[i]n 'n hele paar definisies verskyn woorde wat nie as lemmas opgeneem is nie".<sup>4</sup> Dit kan veroorsaak dat die gebruiker in 'n leksikografiese doodloopstraat beland indien hy/sy 'n woord wat in 'n definisie gebruik word, wil naslaan.

Dit is dus duidelik dat die gebruik van frekwensietellings nie daartoe bydra dat 'n kernwoordeboek die ware (kognitiewe) woordeskat sonder meer kan weergee nie. 'n Frekwensietelling voorsien die leksikograaf hoogstens van die *aktiewe woordeskat*, waarvan nie alle items noodwendig tot die kernwoordeskat behoort nie.

#### 4.1.4 'n Gekombineerde benadering

Hierdie stand van sake vra om 'n benadering tot die vasstel van die omvang van 'n kernwoordeskat wat meer verteenwoordigend van die ware kernwoordeskat is én wat semanties bevredigend is. So 'n benadering behoort die voordele wat veral die frekwensietellingbenadering bied, suksesvol te kan inkorporeer.

Een van die sentrale probleme van die frekwensietellingbenadering tot die afbakening van 'n makrostruktuur is die feit dat 'n frekwensietelling 'n grootliks amorfe versameling leksikale items as resultaat lewer. So 'n resultaat is semanties onbevredigend, aangesien die leksikon nie uit 'n versameling lukrake leksikale items bestaan nie, maar eerder uit bepaalde groeperinge van leksikale items in verskillende semantiese velde wat in bepaalde verhoudings tot ander leksikale items (in ander semantiese velde) staan (vgl. Cruse 1986; De Stadler 1989; Gouws 1989, 1989a; Lyons 1977, 1981; Zgusta 1971). De Stadler (1989: 92) verduidelik die konsep *semantiese veld* soos volg:

Semantiese velde moet in verband gebring word met konseptuele velde. Die buitetalige werklikheid is in **konseptuele areas** georganiseer, soos die konseptuele area van kleur, die konseptuele area van ameublement, die konseptuele area van temperatuur, ens. Wanneer hierdie konseptuele area struktureel georden word deur 'n taalsisteem, word dit 'n **konseptuele veld**. Die taalsisteem wat aan die konseptuele veld struktuur gee, is die **semantiese veld**. [...] Die leksikale items van die taal kan dus in bepaalde woordfamilies, die sg. semantiese velde, geklassifiseer word op grond van die konseptuele velde waarmee hulle verband hou. Hulle verdeel die semantiese ruimte op bepaalde maniere.

Die ontoereikendheid van 'n frekwensietelling as enigste maatstaf in die afbakening van 'n makrostruktuur word aan die hand van twee voorbeeldgroepe hieronder geïllustreer.

Veronderstel 'n frekwensietelling met 'n bepaalde drempelwaarde lewer die resultate *Maandag* en *Junie*, elk met 'n frekwensiewaarde hoër as die drempelwaarde (dus 'n positiewe resultaat). Dit sal daartoe lei dat dié twee items in die makrostruktuur van 'n woordeboek wat op dié drempelwaarde gebaseer is, opgeneem word. Vanuit 'n semantiese oogpunt hou dit egter ook in dat die bepaalde semantiese velde waarin hierdie items val, geaktiveer behoort te word vir opname in die makrostruktuur. Dat hierdie semantiese beginsel nie (konsekwent) in die makrostruktuur van óf BW óf KW geld nie, blyk uit die data in Tabelle 1 en 2:

SEMANTIESE VELD: Dae van die week	BW	KW	HAT
<i>Maandag</i>	+	+	+
<i>Dinsdag</i>	+	+	+
<i>Woensdag</i>	-	+	+
<i>Donderdag</i>	+	+	+

SEMANTIESE VELD: Dae van die week	BW	KW	HAT
<i>Vrydag</i>	-	+	+
<i>Saterdag</i>	+	+	+
<i>Sondag</i>	+	+	+

**Tabel 1:** Die lemmatisering van lede van die semantiese veld "dae van die week"

(Legende: "+" = betrokke item is gelemmatiseer; "-" = betrokke item is nie gelemmatiseer nie)

SEMANTIESE VELD: Maande van die jaar	BW	KW	HAT
<i>Januarie</i>	+	-	+
<i>Februarie</i>	-	+	+
<i>Maart</i>	+	+	+
<i>April</i>	-	-	+
<i>Mei</i>	-	-	+
<i>Junie</i>	+	+	+

SEMANTIESE VELD: Maande van die jaar	BW	KW	HAT
<i>Julie</i>	+	+	+
<i>Augustus</i>	-	-	+
<i>September</i>	-	+	+
<i>Oktober</i>	-	-	+
<i>November</i>	-	+	+ <sup>5</sup>
<i>Desember</i>	+	-	+

**Tabel 2:** Die lemmatisering van lede van die semantiese veld "maande van die jaar"

(Legende: "+" = betrokke item is gelemmatiseer; "-" = betrokke item is nie gelemmatiseer nie)

Dit word dus duidelik dat 'n frekwensietelling sonder meer nie 'n semanties verantwoordbare makrostruktuur lewer nie. By uitbreiding kan ook op samestellings wat stamme van die semantiese veld "dae van die week" bevat, gewys word. Vergelyk Tabel 3 hieronder:

Leksikale items	BW	KW	HAT
<i>Maandagaand</i>	-	+	+
<i>Maandagmiddag</i>	-	+	+
<i>Maandagmôre</i>	-	-	+
<i>Maandagnag</i>	-	+	+
<i>Maandagoggend</i>	-	+	+
<i>Dinsdagaand</i>	+	-	-
<i>Dinsdagmiddag</i>	+	-	-
<i>Dinsdagmôre</i>	+	-	-
<i>Dinsdagnag</i>	-	-	-
<i>Dinsdagoggend</i>	+	-	-
<i>Woensdagaand</i>	-	+	+
<i>Woensdagmiddag</i>	-	+	+
<i>Woensdagmôre</i>	-	-	+
<i>Woensdagnag</i>	-	+	-
<i>Woensdagoggend</i>	-	+	-

Leksikale items	BW	KW	HAT
<i>Donderdagaand</i>	+	-	-
<i>Donderdagmiddag</i>	+	-	-
<i>Donderdagmôre</i>	+	-	-
<i>Donderdagnag</i>	-	-	-
<i>Donderdagoggend</i>	+	-	-
<i>Vrydagaand</i>	-	+	+
<i>Vrydagmiddag</i>	-	+	+
<i>Vrydagmôre</i>	-	+	+
<i>Vrydagnag</i>	-	-	+
<i>Vrydagoggend</i>	-	-	+
<i>Saterdagagaand</i>	+	-	+
<i>Saterdagmiddag</i>	+	-	+
<i>Saterdagmôre</i>	-	-	-
<i>Saterdagnag</i>	-	-	+
<i>Saterdagoggend</i>	-	-	-

Leksikale items	BW	KW	HAT
<i>Sondagaand</i>	-	+	+
<i>Sondagmiddag</i>	-	+	+
<i>Sondagmôre</i>	-	+	+

Leksikale items	BW	KW	HAT
<i>Sondagnag</i>	-	+	+
<i>Sondagoggend</i>	-	-	-

**Tabel 3:** Die lemmatisering van samestellings met lede van die semantiese veld "dae van die week"

(Legende: "+" = betrokke item is gelemmatiseer; "-" = betrokke item is nie gelemmatiseer nie)

By die saamstel van die makrostruktuur behoort dus ook op die oorvleueling van semantiese velde gelet te word, soos in die geval van die semantiese velde "dae van die week" en "tye van die dag" hierbo. So 'n oorvleueling word waarskynlik ook in die vorm van 'n verteenwoordigende frekwensietellingresultaat onder die aandag van die leksikograaf gebring; die leksikograaf moet dié resultaat dan sien as 'n sinjaal van semantiese oorvleueling en potensiële soortgelyke vorme wat vir opname in die makrostruktuur kwalifiseer, en moet hom/haar nie tot die resultaatitem beperk by die saamstel van die makrostruktuur nie. (Die data in Tabele 1, 2 en 3 suggereer dat dit vir BW, KW en HAT<sup>4</sup> nie die geval was nie.) Uiteraard kan 'n frekwensietelling ook meer as een leksikale item uit 'n bepaalde semantiese veld as positiewe resultaat lewer. Hoe meer leksikale items uit 'n bepaalde semantiese veld positiewe resultate van 'n frekwensietelling verteenwoordig, hoe sterker is die saak vir die insluit van die semantiese veld se verteenwoordigende leksikale items by die makrostruktuur.

Sommige semantiese velde val in hul geheel buite die bestek van 'n bepaalde makrostruktuur, terwyl gedeeltes van ander semantiese velde binne die bestek kan val. So byvoorbeeld kan met 'n redelike mate van sekerheid gekonstateer word dat die semantiese veld van "die wrywingsprosesse tydens die afvuur van 'n ballistiese missiel" in sy geheel buite die kognitiewe kernwoordeskat val, terwyl sommige items van die semantiese veld "meganiek van 'n motor" binne die kognitiewe kernwoordeskat val (bv. *brandstofenk*, *rathefboom*, *uitlaatpyp*) en ander daarbuite (bv. *aardleiding*, *MacPhersonstut*, *ontstekingspoel*). Waar dit duidelik word dat slegs 'n deel van 'n bepaalde semantiese veld vir opname in die makrostruktuur van 'n woordeboek geld, behoort die leksikograaf pogings aan te wend om die verdeling so akkuraat moontlik te begrens deur opnames, ondersteunende frekwensietellings, e.s.m.

Semantiese velde bestaan egter nie slegs uit verenigbare kontraste (vgl. De Stadler 1989: 86-87) soos die data in Tabele 1, 2 en 3 kan suggereer nie: Die sistematiese betekenisverbande wat tussen die leksikale items in 'n semantiese veld bestaan, sluit in sinonimie, teenoorgesteldheid, hiponimie, onversoenbaarheid, skale, metonimie en sintagmatiese verhoudings (De Stadler 1989: 98-99; 1991). Hierdie verbande moet uiteraard ook in die makrostruktuur neerslag vind deurdat leksikale items wat op dié wyse met 'n positiewe frekwensietellingresultaat op dieselfde kognitief-leksikale vlak in verband staan, gelemmatiseer word. 'n Enkele voorbeeld uit BW wat die nievoldoening aan hierdie vereiste as gevolg van gebondenheid aan frekwensietellingresultate illustreer, is

die feit dat die leksikale item *landelik* as lemma opgeneem is, terwyl die leksikale item *stedelik* nie deel van die makrostruktuur van BW uitmaak nie.

Die toetsing van hierdie beginsel bring 'n volgende probleem met betrekking tot gebondenheid aan frekwensietellings aan die lig. 'n Bepaalde leksikale item wat as 'n positiewe frekwensietellingresultaat gelewer word, word gelemmatiseer. Dié enigsins oppervlakkige prosedure bied egter geen insig in die semantiese struktuur van die kwalifiserende leksikale item nie. 'n Bepaalde item wat byvoorbeeld 'n baie hoë frekwensietelling lewer, kan nie een nie, maar talle semantiese waardes verteenwoordig, wat daarvan 'n polisemiese leksikale item maak. So kan die positiewe frekwensietellingresultaat *klank* die volgende semantiese waardes verteenwoordig (HAT<sup>4</sup> 2000: 553):

- (4) (a) geluid wat die gehoor tref  
 (b) eienskap wat aan 'n geluid 'n eie karakter gee  
 (c) musiekgeluid  
 (d) spraaktaalgeluid  
 (e) geartikuleerde spraakgeluid  
 (f) standpunt soos onder woorde gebring  
 (g) drankasem; slegte reuk a.g.v. bederf

Indien die korpuskoteks nie in berekening gebring word nie, is dit onwaarskynlik dat die toepaslike leksikale items uiteindelik gelemmatiseer sal word. Indien positiewe frekwensietellingresultate in hul onderskeie semantiese velde geplaas word, kan hierdie probleem grootliks uitgeskakel word. Vergelyk die semantiese veld "stukke in die skaakspel," wat uit die volgende leksikale items bestaan (betekenisbeskrywings aangepas uit HAT<sup>4</sup>):

- (5) (a) *biskop* stuk wat by die begin van die skaakspel langs die koning of koningin staan  
 (b) *kasteel* skaakstuk in die vorm van 'n ronde vestingtoring  
 (c) *koning* vernaamste stuk in die skaakspel  
 (d) *koningin* op een na die vernaamste stuk in die skaakspel  
 (e) *perd* skaakstuk in die afbeelding van 'n perd  
 (f) *pion* skaakstuk van die minste waarde

Die leksikale items in (5) is, met die uitsondering van *pion*, almal (volgens HAT<sup>4</sup>) polisemies van aard. So verteenwoordig die leksikale item *biskop* byvoorbeeld ook die volgende semantiese waarde:

- (6) priester van hoë rang in verskeie kerkgenootskappe

Dit hou in dat die lemmatisering van die leksikale item *biskop* voorsiening moet maak vir minstens die twee polisemiese waardes in (5)(a) en (6). Indien alleen op 'n frekwensietelling staatgemaak word, kan dit gebeur dat die polisemiese waarde in (6) verteenwoordig word, maar nie die polisemiese waarde in (5)(a) nie, wat die semantiese veld van "stukke in die skaakspel" onvolledig in die woordeboek verteenwoordig sal laat.

Hierdie betoog onderstreep die potensiaal van die werk van teoretici soos Wierzbicka (1985, 1996) en Moe (2003) as 'n semanties aanvaarbaarder benadering tot die saamstel (en evaluering) van die makrostruktuur van 'n woordeboek. Waar uitgebreide (en verteenwoordigende) korpora reeds bestaan (soos in die geval van Afrikaans), behels die benadering naamlik dat 'n frekwensietelling gebruik word, nie in die eerste plek om lemmata vir die makrostruktuur te identifiseer nie, maar wel om bepaalde semantiese velde wat vir opname in die makrostruktuur kwalifiseer, leksikaal te vul. Die seleksie van leksikale items vir opname in die makrostruktuur behoort dus nie slegs uit 'n amorfie lys positiewe frekwensietellingresultate gedoen te word nie, maar uit die semantiese velde wat met behulp van positiewe frekwensietellingresultate uit verteenwoordigende korpora geïdentifiseer (en/or geverifieer) is.

Hoewel die teorie van semantiese velde nie sonder kritiek staan nie (vgl. De Stadler 1989: 94-96), is dit gewis 'n instrument wat meer deur leksikograwe benut kan word, nie net in die opbou van die mikro- en mediostrukture van 'n woordeboek nie, maar ook in die samestelling van 'n verteenwoordigende makrostruktuur. Dit vra om 'n konseptuele benadering, en nie 'n bloot lineêre benadering nie, tot die vasstel van die makrostruktuur. Trouens, binne dié benadering het die samestelling van die makrostruktuur 'n beduidende invloed op die effektiwiteit van die mikro- en mediostrukture.

## 5. Toegangstruktuur

### 5.1 Die eksterne toegangstruktuur

#### 5.1.1 Die snel eksterne toegangstruktuur

HAT<sup>4</sup> en KW vertoon identiese snel eksterne toegangstrukture. Lemmatekens is naamlik alfabeties gerangskik, en boaan elke bladsy van die sentrale teks verskyn die eerste en laaste lemmateken wat op daardie bladsy opgeneem is — lopende opskrifte. Nóg HAT<sup>4</sup> nóg KW bevat duimindekse. Duimindekse is nie 'n totaal vreemde konsep aan die Afrikaanse leksikografie nie: Die 1978-publikasie *40 000 woorde* (Bresler 1978) bevat byvoorbeeld 'n duimindeks. Onlangse publikasies van taalnaaslaanwerke soos *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (Taalkommissie 2002) en *Skryf Afrikaans van A tot Z* (Müller 2003) sluit ook duimindekse as snel eksterne toeganstrukturelement in. Die byvoeging van duimindekse by toekomstige publikasies van HAT en KW behoort ook oorweeg te word, tensy die finansiële implikasies van so 'n stap enige gedeelte van die teikengebruikersgroep sou vervreem (Louw 1999: 110).

Louw (1999: 111) maak melding van die *Collins COBUILD English Language Dictionary* wat van groeperings van swartgedrukte en leë diamantjies by elke lemma gebruik maak om die relatiewe gebruiksfrekwensie van die lemma aan te dui: 'n lemma met vier swartgedrukte diamantjies in die regterkantlyn verteenwoordig 'n leksikale item met 'n hoë gebruiksfrekwensie ('n waarskyn-

like kernwoordeskatitem), terwyl 'n lemma met drie leë en een swartgekleurde diamantjie 'n leksikale item verteenwoordig waarvan die gebruiksfrekwensie relatief laag is. Die implementering van so 'n toegangstruktuurelement sal uiteraard waarde tot 'n woordeboek soos KW (en HAT) toevoeg.

### 5.1.2 Die standaard eksterne toegangstruktuur

Terwyl die snel eksterne toegangstruktuur se funksie is om die gebruiker na die onmiddellike omgewing (die betrokke woordeboekbladsy) van die gesoekte lemma te lei, is die standaard eksterne toegangstruktuur verantwoordelik daarvoor om die gebruiker tot die finale keuse van die gesoekte makrostruktuurelement (Louw 1999: 111) te lei. Beide HAT<sup>4</sup> en KW is monotoganklik, dit wil sê elke monotoganklike woordeboek se standaard eksterne toegangstruktuur is kongruent aan sy makrostruktuur — gebaseer op alfabetiese ordening van die lemmatekens.

In beide HAT<sup>4</sup> en KW word tussen homonimiese lemmata onderskei deur 'n verhewe syfer onmiddellik regs van elke lemmateken te plaas, byvoorbeeld **skool<sup>1</sup>**, **skool<sup>2</sup>**. Hierdie gebruik is reeds goed gevestig in Afrikaanse (en anders-talige) woordeboeke.

Beide HAT<sup>4</sup> en KW maak van sublemmatisering gebruik. Vervolgens word op hierdie aspek van die standaard eksterne toegangstruktuur uitgebrei.

#### 5.1.2.1 Sublemmatisering as teksverdigtinstategie

##### 5.1.2.1.1 Die stand van sake in HAT<sup>4</sup> en KW

Een van die leksikograaf se grootste uitdagings is beperkte ruimte. Teksverdigtinstategieë is noodsaaklik om soveel moontlik inligting in so min moontlik spasie oor te dra. Sublemmatisering is 'n teksverdigtinstategie wat op die makrostruktuur betrekking het. Die uitgangspunt is dat lemmata wat morfologies-semanties nou aan mekaar verwant is, nie telkens van 'n volledige betekenisparafrase voorsien hoef te word nie. Afleidings- en kompositavorme van 'n bepaalde lemma wat vir opname in die makrostruktuur kwalifiseer, ondergaan dus beperkte leksikografiese bewerking deurdat hulle as onverklaarde lemmata hanteer word, wat aan die einde van die artikel van die lemma waarmee hulle morfologies-semanties verband hou, saamgegroepeer word. Die hoofvoorwaardes vir 'n item om as onverklaarde lemma hanteer te word, is dat daardie item semanties deursigtig moet wees (Gouws 1989: 77-81). Die proses waardeur items wat as onverklaarde lemmata kwalifiseer, gelemmatiseer word, word *sublemmatisering* genoem.

Indien meer as een sublemma ten opsigte van 'n bepaalde hooflemma opgeneem word, moet die leksikograaf besluit op 'n ordeningsbeginsel vir die sublemmata wat dwarsdeur die makrostruktuur gehandhaaf sal word ten einde die gebruiker in staat te stel om sy soektog na 'n bepaalde lemma so



ongekompliseerd moontlik te maak (Gouws 2002: 140). Daar bestaan twee basiese sublemmatiseringstrategieë, naamlik *nesting* en *nisting* (vgl. Gouws 2002: 134-135). Aan die hand van verteenwoordigende uittreksels<sup>7</sup> uit HAT<sup>4</sup> en KW word die sublemmatiseringstrategieë in dié woordeboeke bespreek en vergelyk.

Vergelyk die volgende uittreksels, dié in (7) uit HAT<sup>4</sup> (2000: 1119) en dié in (8) uit KW (2000: 642):

- (7) **sui'ker** ☒ s.nw. Soet, plantaardige stof uit die sap van verskillende plante verkry, bv. uit suikerriet en beet: *Suiker in jou tee, koffie gooi. Daar is te veel suiker in die nagereg. Beet-, druiwesuiker.*  
 ☒ ww. (gesuiker) Soet maak, bestrooi met suiker: *Vrugte eers suiker, dan kook.* [F. *sucre*, oorspr. Arab.-Pers.] **suiker**: ~**agtig**, ~**boer**, ~**fabriek**, ~**fabrikant**, ~**fabrikasie**, ~**handel(aar)**, ~**ig**, ~**industrie**, ~**kweker**, ~**onderneming**, ~**premie**, ~**produsent**, ~**sap**, ~**smaak**, ~**verbruik**.  
**sui'ker-ba-ron** s.nw. Eienaar van groot suikerplase.
- (8) **twak** s.nw. (twakke)  
 1 **Twak** is 'n geselstaalvorm van **tabak**: *Sterk twak rook.*  
 2 Iemand wat 'n twak is, is 'n niksbeduidende vent: *Wie neem nou notisie van so 'n twak!*  
 3 Twak is onsin, kaf: *Jy praat twak! Ag, twak met jou.*  
 UITDR. *Iemand se twak is nat*, hy of sy het geen kans op sukses nie.  
**twak'kerig**. **twak'praatjies**. **twak'voorstel**.
- twee**  
 ☒ *tw*. Twee is een plus een: *Gee my tog twee rand. Twee is slimmer as een. Twee-twee loop*, in pare.  
 ☒ s.nw. (tweë of twees)  
 Twee is die syfer 2: *Net 'n twee vir jou toets kry.*  
**twee'de**. **twee'daags**. **twee'handig**. **twee'honderd**. **twee'jarig**. **twee'koppig**. **twee'manskool**. **twee'sang**. **twee'sydig**. **twee'tal**. **twee'talig**. **twee'voud(ig)**.
- tweed** s.nw.  
 Tweed is 'n growwe wol waarvan veral manspake gemaak word; ook, klere word hiervan gemaak: *Hierdie baadjie is van tweed en sal jare der jare hou.*

Binne 'n bepaalde groepering van sublemmata, soos onder **suiker** in (7) en **twak** en **twee** in (8), geld 'n streng alfabetiese ordening van die sublemmata; daar is dus nie sprake van interne alfabetiese afwyking nie.<sup>8</sup> Die sublemmata wat saamgegroepeer is, pas egter nie alfabeties in die groter makrostrukturele omgewing wat deur die daaropvolgende hooflemmata (**suikerbaron** in (7) en **tweed** in (8)) verteenwoordig word nie; daar is dus sprake van eksterne afwyking. Hierdie sublemmatiseringstrategie staan as tweedevlaknisting bekend (vgl. Gouws 2002: 136), en dit word in beide HAT<sup>4</sup> en KW toegepas.

'n Belangrike verskil tussen HAT<sup>4</sup> en KW wat sublemmatisering betref, is dat HAT<sup>4</sup> van nistoegangslemmata gebruik maak en dat die sublemmata in 'n nis uitfasering na links ondergaan (vgl. (7)), terwyl elke nislemma in KW volledig weergegee word (vgl. (8)). Die prosedure van uitfasering na links van nis-

lemmata in HAT<sup>4</sup> verteenwoordig 'n hoër graad van teksverdigting as in KW (vgl. Gouws 2002: 137), aangesien die teikengebruiker van HAT<sup>4</sup> oor meer gevorderde taal- en naslaanvaardighede moet beskik om die betrokke lemma-tekens suksesvol te rekonstrueer.

Nóg in HAT<sup>4</sup> nóg in KW word in die groepe sublemmata 'n onderskeid getref tussen sublemmata wat produkte van afleiding is en dié wat produkte van samestelling is. Die sublemmata **suikeragtig** en **suikerig** in (7), en **twakkerig** en **tweede** in (8) verteenwoordig produkte van afleiding, terwyl die res produkte van samestelling is. Volgens Gouws (2002: 136) motiveer hierdie morfologiese verskil die gebruik van die verdelingsmerker ";" tussen die twee klasse sublemmata, wat tweedevlaknesting tot gevolg sou hê. Die sublemmata onder die hooflemma **suiker** sou dan soos volg in HAT<sup>4</sup> binne 'n tweedevlaknes aangebied word:

- (9) **suiker**: ~agtig, ~ig; ~boer, ~fabriek, ~fabrikant, ~fabrikasie, ~handel(aar), ~industrie, ~kweker, ~onderneming, ~premie, ~produsent, ~sap, ~smaak, ~verbruik.

Soos uit (7) en (8) blyk, word hierdie onderskeid nie getref nie: In HAT<sup>4</sup> word die verdelingsmerker "," en in KW die verdelingsmerker "." deurgaans gebruik om nislemmata van mekaar te onderskei. Tweedevlaknesting word in *Nasionale Woordeboek* (De Villiers et al. 1987) toegepas, en in *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (Labuschagne en Eksteen 1993) word nisting onreëlmatig aangewend. Dit wil dus voorkom asof daar in die Afrikaanse verklarende leksikografie geen reëlmatige tradisie ten opsigte van nesting en nisting bestaan nie.

Waar 'n hooflemma polisemies is, behoort sublemmata ten opsigte van die hooflemma se poliseme gegroep en van 'n inskrywing voorsien te word wat die onderskeie groepe aan die relevante poliseme verbind. Vergelyk die volgende uittreksel uit *Nasionale Woordeboek* (De Villiers et al. 1987: 525):

- (10) **'toevoer I** s.nw. 1. *vloei (van voorraad); voorsiening*. Die – van water, olie, petrol, goedere, e.s.m. reël, afsny, stopsit. – van hout in 'n saagmeule, gerwe in 'n dorsmasjien. Bron van –. 2. *voorraad wat voorsien word*. Die – neem af. 3. (rekenaar) *vloei van data na 'n rekenaar*. **toevoerbuis, -kanaal, -linie, -lyn, -pomp, -pyp, -vat** (by 1 en 2); **-apparaat, -formaat, -medium, -program, -toerusting** (by 3).

Ook hierdie toepassing van tweedevlaknesting kom nie in HAT<sup>4</sup> of KW voor nie.

#### 5.1.2.1.2 Nadele van sublemmatisering in verklarende woordeboeke

Daar kan op minstens twee nadele van die praktyk van sublemmatisering gewys word. Hierdie nadele ontstaan as gevolg van die zerobewerking wat sublemmata ondergaan (uitgesonderd die aanduiding van hoofklem).

Die eerste nadeel het betrekking op die oordra van grammatiese inligting. Bepaalde datakategorieë word tans nie in die bewerking van onverklaarde lemmata verteenwoordig nie, byvoorbeeld woordklas, kollokasies en ander sintagmas. Vir die gemiddelde volwasse moedertaalgebruiker van 'n standaardwoordeboek behoort hierdie stand van sake nie 'n probleem te wees nie, aangesien die primêre kriterium van semantiese deursigtigheid sublemmatisering bepaal. Die afwesigheid van hierdie datakategorieë in 'n aanleerderwoordeboek kan die aanleerder egter tot nadeel strek; daar behoort dus na gelang van die teikengebruikersprofiel deeglik besin te word oor die toepassing al dan nie van sublemmatisering in spesiale woordeboeke. Vir 'n standaardwoordeboek soos HAT<sup>4</sup>, wat buitendien 'n uitgebreide makrostruktuur in beperkte ruimte moet aanbied, is die praktyk van sublemmatisering 'n regverdigbare teksverdigtingstrategie, mits dit sistematies en konsekwent aangewend word en duidelik in die toeligting beskryf word.

Die tweede probleem is egter 'n enigsins groter bedreiging vir die taalkundige kwaliteit van die woordeboek. Volgens De Stadler (1989: 75) vind die leksikale betekenis van leksikale items neerslag in die betekenisbetrekkinge wat tussen leksikale items bestaan. "Die strukturering van die leksikon hou dan verband met die mens se strukturering van sy kennis van die buitetalige werklikheid: die leksikale items vorm klasse wat verband hou met konseptuele velde binne hierdie kennisstruktuur, en die leksikale item verkry sy betekenis via hierdie verhouding met die buitetalige werklikheid" (De Stadler 1989: 75-76). Die aanduiding van leksikale betrekkinge wat tussen leksikale items geld, is dus 'n belangrike opdrag van die verklarende leksikograaf. Hierdie opdrag kom in die makro-, mikro- en mediostruktuur tot uitvoering deur die leksikografiese markering van leksikale betrekkinge soos homonimie, hiponimie, sinonimie, teenoorgesteldheid en sintagmatiese leksikale betrekkinge met behulp van 'n verskeidenheid inskrywingstipes. Dit volg dus dat by woordeboekartikels waar 'n mikro- en mediostruktuur ontbreek, soos by sublemmata in verklarende woordeboeke, elemente van hierdie belangrike semantiese inligting verlore kan gaan.

Hierdie probleem word geïllustreer aan die hand van die leksikale betrekking van sinonimie. Leksikografiese konvensie bepaal dat die lede van 'n sinoniemparadigma wat gelemmatiseer word, met mekaar in verband gebring moet word deur die lid met die hoogste gebruiksfrekwensie van 'n volledige betekenisparafrase te voorsien en die ander lid of lede van die paradigma van 'n sinoniem te voorsien wat die gebruiker per kruisverwysing na die verklaarde lid verwys (Gouws 1989: 145). Daarby moet 'n verwysing na elke lemma wat 'n lid van die betrokke sinoniemparadigma is, by die artikel van die frekwenste lemma ingesluit word (Gouws 1989: 146). In sommige gevalle verhoed die praktyk van sublemmatisering egter die implisiete en eksplisiete aanduiding van hierdie leksikale betrekking. Vergelyk die volgende uittreksels uit HAT<sup>4</sup> (2000: 31, 989):

- (11) **af'tas** ww. (afgetas) **1** Orals bevoel. **2** Met strale, lig e.d. oor 'n gebied beweeg om dit (teen gevaar, e.s.m.) te ondersoek. **aftas: ~ter, ~ting.**
- (12) **skan·deer'** ww. (geskandeer) **1** (*rek.*) Handeling waardeur 'n teks, grafika of fotomateriaal deur 'n apparaat, die skandeerder, in elektroniese vorm vasgelê word vir berging in 'n rekenaar: *As jy hierdie teks kan skandeer, hoef jy nie die hele ding in te tik nie.* **2** In versvoete verdeel: 'n Gedig skandeer. [L. scandere klim] **skande'ring.**  
**skan·deer'der** s.nw. **1** (*rek.*) Rekenaarapparaat waarmee tekste, grafika, foto's, ens. geskandeer kan word; aftaster: *Is daar 'n skandeerder aan jou rekenaar gekoppel?* **2** (*med.*) Apparaat waarmee die intensiteit van bestraling, ultrasoniese uitstraling, ens. in die liggaam vir diagnostiese doeleindes waargeneem kan word; aftaster.

By elke poliseem van die lemma **skandeerder** is daar 'n verwysing na die lemma **aftaster**, wat volgens leksikografiese konvensie daarop dui dat die item *skandeerder* telkens die frekwentste lid van die sinoniemparadigma  $_{sp}[aftaster, skandeerder]_{sp}$  is.<sup>9</sup> Die feit dat die item *aftaster* slegs as sublemma verskyn en as sodanig nie leksikografies bewerk word nie, lei daartoe dat volledige kruisverwysing nie kan plaasvind nie. Die woordeboekgebruiker wat die nislemma **aftaster** onder die hooflemma **aftas** vind, word nie ingelig dat dié item 'n meer frekwente sinoniem, *skandeerder*, het nie. Hierin faal die verklarende woordeboek in sy opdrag as houer van taalkundige inligting.

Die probleem kan op verskillende maniere opgelos word. Die eerste oplossing is om die rekenaarkvaalbetekenis van die verbale leksikale item *aftas* in die artikel van die lemma **aftas** op te neem en kruisverwysing tussen dié leksikale item en die betrokke poliseem van die verbumlemma **skandeer** te bewerkstellig. Hierdie prosedure sal egter nog nie die betekenisverband tussen die leksikale items *aftaster* en *skandeerder* ekspliseer nie. 'n Verdere prosedure van tweedevlaknesting van sublemmata volgens poliseme waarop hulle betrekking het (vgl. (10)), sal die sublemma **aftaster** in indirekte verband bring met die leksikale item *skandeerder*, waarmee dit in 'n verhouding van sinonimie staan. 'n Optimale sinjalering van die leksikale betrekking wat tussen die twee items bestaan, sal 'n beperkte mikrostrukturele bewerking van sublemmata vereis. 'n Nis soos die volgende, waarin elke individuele sublemma 'n bewerkingseenheid verteenwoordig en wat ingelui word deur 'n verwyderde nistoegangslemma (vgl. Gouws 2002: 137), sou die produk van so 'n bewerking kon wees:

- (13) **aftas: ~ter** skandeerder, **~ting** skandering.

Tweedevlaknesting kan 'n komplekser artikelstruktuur as resultaat toon:

- (14) **aftas: ~ting** skandering; **~ter** (by 3) skandeerder (bet. 1).

Die implikasie in (14) is dat die neslemma **aftasting** op al die poliseme van die hooflemma **aftas** slaan, terwyl die neslemma **aftaster** slegs op die derde (byge-

voegde) poliseem betrekking het,<sup>10</sup> en slegs met betrekking tot die eerste poliseem van die lemma **skandeerder** in 'n verhouding van sinonimie staan. Indien hierdie prosedure leksikografiese praktyk word, word 'n bykomende voorwaarde vir sublemmatisering toegevoeg: 'n sublemma mag nie die frekwentste lid van 'n sinoniemparadigma verteenwoordig nie; sodanige item moet as hooflemma volledig bewerk word. Die alternatief is dat sublemmata ook volledige leksikografiese bewerking moet kan ondergaan. Die toepassing van sodanige prosedure en die invloed op nes- en nisstrukture val buite die bestek van hierdie artikel en dus word nie verder hierop ingegaan nie. Daar word volstaan met die standpunt dat die praktyk van sublemmatisering in sy huidige vorm in verklarende woordeboeke belangrike taalkundige inligting kan verberg.

### 5.1.2.1.3 Evaluering van sublemmatisering in HAT<sup>4</sup> en KW

Die teksverdigtingstrategie van sublemmatisering in HAT<sup>4</sup> is verdedigbaar op grond van die feit dat die teikengebruiker van 'n standaardwoordeboek soos HAT gewoonlik 'n (volwasse) moedertaalspreker is wat oor meer gevorderde taalvaardighede as byvoorbeeld die tweedetaalspreker of laerskoolmoedertaalspreker beskik. Hierdie feit laat die leksikograaf toe om 'n hoër graad van teksverdigting in die standaardwoordeboek toe te pas, wat die gebruik van toegangslemmata en die uitfasering van sublemmata na links insluit. Indien KW as skoolwoordeboek geld, is die weergawe van sublemmata deur ongekindenseerde lemmatekens geregverdig. KW vertoon oor die algemeen 'n laer graad van teksverdigting as HAT<sup>4</sup> omdat die waarskynlike gebruiker van KW (nog) nie 'n volkome gesofistikeerde taalgebruiker is nie. Die risiko bestaan dat verskynsels soos nistoegangslemmata en die kondensering van sublemmata na links die teikengebruiker van 'n skool- of aanleerderwoordeboek se soekproses onnodig kan kompliseer. In BW word dié prosedures byvoorbeeld ook nie aangewend nie omdat die woordeboek op 'n taalaanleerder gerig is.

In 'n standaardwoordeboek, waarvan die gebruiker vollediger taalkundige inligting kan verwag, behoort die prosedure van tweedevlakneming eerder as tweedevlakneming tydens sublemmatisering toegepas te word, waar die groeperings binne 'n nes gebaseer is op die morfosemantiese aard van die sublemmata, dit wil sê op die tweedeling tussen afleidings en samestellings (vgl. (9)). Daarenteen is die waarskynlike gebruiker van 'n spesiale woordeboek soos KW nie so gesteld op fyner taalkundige detail van dié aard nie, en kan tweedevlakneming na gelang van die tipiese teikengebruiker se vermoëns en behoeftes toegepas word. Die prosedure van tweedevlakneming geld dan ook tereg in KW, soos in (8) aangetoon.

In 'n standaardwoordeboek behoort egter ten minste 'n beperkte leksikografiese bewerking op sublemmata te volg wat nie op al die polisemiese waardes van die betrokke hooflemma slaan nie (vgl. (10)). Die afwesigheid van hierdie bewerkings in HAT<sup>4</sup> behoort as 'n tekortkoming beskou te word. Afgesien hiervan behoort in woordeboeke soos KW ook oorweging geskenk te word aan

die beperkte leksikografiese bewerking van sublemmata waar hulle relasies met ander leksikale items dit kan vereis, veral indien die vereiste sou geld as dié lemmata as hooflemmata in die woordeboek opgeneem sou word. Hoewel 'n beperkte leksikografiese bewerking soos in (13) voorgestel belangrike taalkundige hulp aan die (taalaan)leerder kan bied, verteenwoordig sodanige bewerking ook die aanbod van meer gesofistikeerde semantiese inligting binne 'n teksverdigtingstrategie; dus behoort die insluit van hierdie prosedure in standaardwoordeboeke ook oorweeg te kan word.

Hoewel in HAT<sup>4</sup> se metateks na die toepassing van sublemmatisering verwys word, word geen bevredigende leksikografiese verantwoording aangebied ten opsigte van die stelsel van sublemmatisering wat gevolg word nie. In KW se "Voorwoord" word geen melding van onverklaarde lemmata of sublemmatisering gemaak nie. Indien die standaard eksterne toegangstruktuur nie in die toeligting verklaar word nie, "this aspect of the dictionary's outer access structure loses almost all its value" (Louw 1999: 112).

Ter opsomming: Die teksverdigtingstrategie van tweedevlaknisting wat in HAT<sup>4</sup> geld, is morfosemanties onvoldoende en behoort deur die prosedure van tweedevlaknisting, gegrond op morfologiese struktuur, vervang te word; die prosedure van tweedevlaknisting in KW is bevredigend gegee die waarskynlike teikengebruikersprofiel. In beide woordeboeke behoort sublemmata van beperkte leksikografiese bewerkings voorsien te word wat hulle betrekking op polisemiese waardes van die hooflemmata ekspliseer en wat hulle semantiese relasies met ander leksikale items uitlig. Die praktyk van sublemmatisering behoort volledig in die metatekste van dié woordeboeke verantwoord te word.

## 5.2 Die interne toegangstruktuur

Die doel van die interne toegangstruktuur is om die gebruiker te lei na die spesifieke datakategorie(ë) waarna hy/sy in 'n woordeboekartikel soek. Waar die eksterne toegangstruktuur die gebruiker dus bring tot by die woordeboekartikel wat die antwoord op sy/haar "vraag" bevat, navigeer die interne toegangstruktuur die gebruiker binne die artikel tot by die spesifieke "antwoord" — dit gaan dus by laasgenoemde oor "die manier waarop inligting in die mikrostruktuur geplaas en aangebied word" (Stark 2001: 31).

### 5.2.1 Die snel interne toegangstruktuur

Die snel interne toegangstruktuur het hoofsaaklik struktuurmerkers in bestek, dit wil sê tipografiese elemente binne die woordeboekartikel wat die grense tussen verskillende datakategorieë sowel as die plasing en bestek van verskillende soeksones aandui (Gouws 1996: 23). Sodanige merkers is óf vreemde merkers óf merkers wat aan die gebruiker bekend is, maar wat buite hul normale konteks gebruik word.

In HAT<sup>4</sup> word onder meer die volgende struktuurmerkers vir die begrensing van die genoemde datakategorieë aangewend (vgl. Wiegand 1990: 34):

- (15) (a) Die artikelgleuf vir uitspraakinsligting word deur die saamgroeperingsmerker "( )" begrens en deur die nietipografiese struktuurmerker "uitspr." ingelui; vergelyk die lemma **arpeggio** se bewerking: "**ar-peg'gio** (uitspr. *ar-ped'zjoo*) [...]" (HAT<sup>4</sup> 2000: 53).
- (b) Leksikografiese etikette word deur die saamgroeperingsmerker "( )" in kursiefdruk (wat 'n tipografiese struktuurmerker verteenwoordig) gemarkeer; vergelyk die lemma **arteriosklerose** se bewerking: "**ar-te-ri-o-skle-ro'se** s.nw. (*med.*) [...]" (HAT<sup>4</sup> 2000: 53).
- (c) Lemmatiese meerfunksionaliteit word deur die nietipografiese struktuurmerker "☒" voor elke woordklasaanduiding van die betrokke lemma aangedui.
- (d) Waar 'n leksikale betrekking naas 'n betekenisparafrase in die semantiese kommentaar op 'n lemma aangebied word, word die aangawe van die betrekking van die betekenisparafrase geskei deur die verdelingsmerker ";" — vergelyk die lemma **baanommer**, wat soos volg bewerk is: "Wedloop op 'n baan; teenoor *veldnommer*" (HAT<sup>4</sup> 2000: 59).
- (e) Waar 'n lemma slegs deur sinonieme verklaar word, word die sinonieme van mekaar geskei deur die verdelingsmerker ";" — vergelyk die bewerking van die lemma **begelei**: "Saamgaan, vergesel: *Iemand na haar huis begelei. 'n Begeleidende brief*" (HAT<sup>4</sup> 2000: 71).
- (f) Waar meer as een betekenisparafrase vir 'n bepaalde poliseem van 'n lemma aangebied word, word die parafrases van mekaar geskei deur die verdelingsmerker ";" — vergelyk die lemma **konkreet**<sup>1</sup>, wat soos volg verklaar word: "Werklik bestaande; waarneembaar; wat aangeraak, gesien, gehoor, ens. kan word; nie abstrak nie" (HAT<sup>4</sup> 2000: 593).
- (g) Voorbeeldmateriaal word van die betekenisparafrase van 'n lemma geskei deur die verdelingsmerker ":" — vergelyk die lemma **begeerte**, wat soos volg bewerk is: "Sterk wens, verlange: *'n Sterk begeerte koester om sy land nog eens te besoek*" (HAT<sup>4</sup> 2000: 71).
- (h) Sitate in die voorbeeldmateriaal van HAT<sup>4</sup> word deur die nietipografiese struktuurmerker "∇" voorafgegaan; vergelyk die bewerking van die lemma **klam**: "**1** Vogtig, natterig: *Die plek is klam, selfs in die somer. ∇Die grond is klam en die graaf gly daardeur as ek dit wegtrap* (C.J.M. Nienaber [...]" (HAT<sup>4</sup> 2000: 552).
- (i) Die groepering van vaste uitdrukings onder 'n bepaalde lemma word deur die nietipografiese struktuurmerker "UITDR.:" ingelui, soos by die lemma **hot**<sup>1</sup>: "Links, na die linkerkant toe; teenoor *haar: Hierdie perd trek hot. Draai die moer hot om. UITDR.: Hot en haar, (hot en bles), rond en bont, orals. Hot is hot en haar is haar, dit is soos dit is; daar is geen twyfel nie [...]" (HAT<sup>4</sup> 2000: 413).*

Van die nege struktuurmerkers wat hierbo ten opsigte van HAT<sup>4</sup> lukraak geëkstraheer is, word slegs een ((15)(c)) leksikografies verantwoord in die toeliggings. In die geannoteerde skematiese voorstelling van die tipiese woordeboekartikel onder die opskrif "Artikeluitleg" (HAT<sup>4</sup> 2000: xx) word slegs drie ((15)(c), (h) en (i)) verteenwoordig, hoewel alle datakategorieë in hulle teksvorm gemerk en geïdentifiseer word. Die soeksones in die woordeboekartikel word telkens uitgelig, maar nie die merkers wat die soeksones van mekaar (onder)skei nie.

KW vaar beter in sy "Voorwoord" deur die aangawe van die meeste struktuurmerkers wat in dié woordeboek gebruik word. 'n Skematiese voorstelling van 'n verteenwoordigende artikel (soortgelyk aan die een wat onder die opskrif "Artikeluitleg" in HAT<sup>4</sup> aangebied word) waarin die verskillende elemente waaruit die woordeboekartikels bestaan, geïdentifiseer en verduidelik word, ontbreek egter. So 'n voorstelling sou die samestelling van die woordeboekartikels (en die denotasies van die onderskeie struktuurmerkers) vir die teikengebruiker toegankliker gemaak het.

Indien KW as skoolwoordeboek geld, sou aanbeveel kon word dat elke soeksonde so ver prakties moontlik deur 'n unieke struktuurmerker afgebaken word. Sodanige struktuurmerkers sou 'n tweeledige voordeel inhou: eerstens is hulle eenduidig en kan die gebruiker nie verwar nie; tweedens neem die jong gebruiker deeglik van die onderskeie inligtingstipes wat hy/sy in die woordeboek kan terugvind, kennis — kennis wat later met vrug by die gebruik van standaardwoordeboeke soos HAT<sup>4</sup> aangewend kan word.

### 5.2.2 Die standaard interne toegangstruktuur

Die standaard interne toegangstruktuur verwys na organisering van die boustone van 'n woordeboekartikel, dit wil sê die plasing van die onderskeie artikelgleuwe. Ten opsigte van die interne ordening van die woordeboekartikel oorvleuel die standaard interne toegangstruktuur met die artikelstruktuur (Louw 1999: 117). Vir die doel van hierdie evaluerende vergelyking sal nie op artikelstruktuur (vgl. o.m. Wiegand 1990) ingegaan word nie. Wat die plasing van ooreenstemmende datakategorieë in HAT<sup>4</sup> en KW betref, is die standaard interne toegangstruktuur in hierdie twee woordeboeke byna identies. KW se standaard interne toegangstruktuur verskil van dié van HAT<sup>4</sup> slegs ten opsigte van die aangawe van etimologiese inligting. Terwyl HAT<sup>4</sup> wel by sommige lemmata etimologiese inligting voorsien, bevat KW tereg geen etimologiese inligting nie, gegee die waarskynlikste doel van dié woordeboek (vgl. 6.6).

Die grootliks identiese ordening van mikrostruktuurelemente wat deur HAT<sup>4</sup> en KW gedeel word, verseker 'n gladde oorskakeling van die een na die ander wanneer die teikengebruiker van KW (die leerder) eventueel oorbeweeg na die teikengebruikersgroep van HAT<sup>4</sup> (die volwasse taalgebruiker).

### 5.2.3 Mikroargitektuur

Beide HAT<sup>4</sup> en KW vertoon 'n mikroargitektuur. In woordeboeke sonder 'n mikroargitektuur word die artikels as teksblokke (vergelykbaar met 'n paragraaf gewone teks) aangebied. Volgens Stark (2001: 32) dra die "konvensionele, lineêre aanbieding van die inligtingstipes" in woordeboeke sonder 'n mikroargitektuur daartoe by dat dit moeiliker is "vir die gebruiker om inligting te herwin en die herwinningsproses neem ook langer". HAT<sup>4</sup> vertoon 'n mikroargitektuur deurdat die subsemantiese kommentaar op 'n bepaalde woordklas van



'n meerfunksionele lemmateken telkens op 'n nuwe reël begin en dus 'n aparte teksblok binne die artikel vorm. Hierdie mikroargitektuur kan as 'n *beperkte mikroargitektuur* beskryf word, in vergelyking met die mikroargitektuur wat KW vertoon. Vergelyk die artikels van die lemma **hap** uit HAT<sup>4</sup> ((16)(a)) en KW ((16)(b)):

- (16) (a) **hap** ☒ ww. (gehap) Die geopende mond (bek) skielik sluit om daarmee iets tussen die tande te vat; met die tande gryp; skielik, vinnig na iets byt: *Hap 'n stuk uit my appel. Die hond het na haar gehap.*  
 ☒ s.nw. (-pe; -pie) **1** Handeling van hap: *Die leeu het die bokkie se been met een hap afgebyt.* **2** Soveel as wat op 'n slag afgebyt kan word: *Vat 'n groot hap.* **3** Leemte waar 'n deel uit iets verwyder is: *Die onvoorsiene uitgawe het 'n hap uit my geld gemaak. As veroweraar 'n hap uit 'n ander land vir jou annekseer.* UITDR.: *In (met) een hap, in een slag. hap'beweging.*

(b) **hap**

☒ ww. (gehap)

As 'n mens of dier iets hap, byt hulle dit: *Ek hap 'n stuk uit die appel. Na iets hap, dit probeer byt, bv. die hond hap na die kind.*

☒ s.nw. (happe; happie)

**1** 'n Hap is die daad van hap: *Met een hap alles opeet.*

**2** 'n Hap is ook die hoeveelheid wat 'n mens op een keer hap: *'n Groot hap uit die appel.*

**hap'perig.**

KW vertoon 'n *uitgebreide mikroargitektuur*: Ten opsigte van kommentaar op die meerfunksionaliteit van die lemmateken, elke polisemiese waarde se volledige bewerking, kruisverwysings en die aanbied van sublemmata vorm elke kategorie 'n aparte teksblok binne die artikel. Hierteenoor vertoon HAT<sup>3</sup> geen mikroargitektuur nie:

- (17) **hap** □ ww. (gehap) Die geopende mond (bek) skielik sluit om daarmee iets tussen die tande te vat; met die tande gryp; skielik, vinnig na iets byt: *Hap 'n stuk uit my appel. Die hond het na hom gehap.* □ s.nw. (-pe; -pie) **1** Handeling van hap: *Die leeu het sy arm met een hap afgebyt.* **2** Soveel as wat op 'n slag afgebyt kan word: *Vat 'n groot hap.* **3** Leemte waar 'n deel uit iets verwyder is: *Die onvoorsiene uitgawe het 'n hap in my geld gemaak. As veroweraar 'n hap uit 'n land vir jou annekseer.* UITDR.: *In (met) een hap, in een slag. hap'beweging.*

Die volledige artikel van die lemma **hap** word in HAT<sup>3</sup> in een teksblok aangebied. In HAT<sup>3</sup> is daar dus van 'n hoër graad van teksverdigting sprake as in HAT<sup>4</sup>. Die beperkte mikroargitektuur in HAT<sup>4</sup> maak dié woordeboek se inligting 'n graad toegankliker vir die gemiddelde gebruiker. Die uitgebreide mikroargitektuur wat in KW geld, verteenwoordig 'n laer graad van teksverdigting as wat in HAT<sup>4</sup> die geval is. Indien KW as skoolwoordeboek aangewend word, is die uitgebreide mikroargitektuur goeie leksikografie, aangesien dit die teikengebruiker (leerder) help om die inligting in die woordeboek maklik te ontsluit. Woordeboekonderrig word ook hierdeur gefasiliteer, wat tot gevolg sal

hê dat skoolverlaters oor goed ontwikkelde woordeboekvaardighede kan beskik teen die tyd dat HAT<sup>4</sup> hul standaardnaslaanwerk vir taalkundige inligting word.

Die ordening van elemente binne die artikels van HAT<sup>4</sup> en KW verteenwoordig 'n geïntegreerde mikrostruktuur deurdat alle inligting wat op 'n bepaalde polisemiese waarde betrekking het, aangebied word alvorens die volgende polisemiese waarde aan bod kom (vgl. weer (16) en (17)). Vir 'n woordeboek soos KW is 'n geïntegreerde mikrostruktuur die aangewese struktuur, aangesien die naslaan- en semantiese koördinasievaardighede van die teikengebruiker moontlik nie ontwikkel genoeg kan wees om aan die meer komplekse verbindings wat 'n ongeïntegreerde mikrostruktuur vereis, te beantwoord nie.

Ter opsomming: Die toegangstrukture van HAT<sup>4</sup> en KW kom in 'n groot mate ooreen. KW vertoon oor die algemeen tereg 'n laer graad van teksverdigting as HAT<sup>4</sup>, wat veral in die interne toegangstruktuur gemanifesteer word en as sodanig tot groter gebruikersvriendelikheid lei. Indien KW as skoolwoordeboek geld, behoort die oorgang van KW na HAT<sup>4</sup> vir die gebruiker glad te verloop.

## **6. Die mikrostruktuur**

Carstens (1995) en Van der Merwe (1994) lewer in hulle resensieartikels van HAT<sup>3</sup> ook op die mikrostruktuur kommentaar. In die "Voorwoord by die Vierde Uitgawe" in HAT<sup>4</sup> (2000: v) word gemeld dat "die vierde uitgawe van HAT nie 'n ingrypende hersiening is nie". Hierdie opmerking hou in dat daar ook nie (ingrypend) aan die mikrostruktuur verander is nie. Die volgende kommentaar op die mikrostruktuur sal dus beperk word tot die ooreenkomste en verskille tussen HAT<sup>4</sup> en KW, en tot enkele aspekte van die mikrostruktuur wat as sodanig aandag verdien. Alle aspekte van die mikrostruktuur sal dus nie (in detail) bespreek word nie. Vergelyk Carstens (1995) en Van der Merwe (1994) vir bykomende besprekings.

### **6.1 Uitspraak-inligting ten opsigte van die lemma**

Beyer (2000: 285-287) gee 'n oorsig van die uiteenlopende opinies van (meta-)leksikograwe wat die aanbod van uitspraak-inligting betref, en kom tot die gevolgtrekking dat Gouws (1989: 265) die felste kritiek op die aanbod van hierdie datakategorie lewer wanneer hy beweer dat dit nie met genoeg sorg en uitvoerigheid in Afrikaanse woordeboeke hanteer word nie. HAT<sup>4</sup> en KW is geen uitsonderings nie.

#### **6.1.1 Aanduiding van hoofklem**

Volgens Gouws (1989: 266) is hoofklemaanduiding in Afrikaanse woordeboeke meestal op die lemmateken gerig: "Uitspraak-inligting word [...] ten opsigte van

die geskrewe vorm van die lemma gegee. Alhoewel dit in die leksikografiese praktyk van waarde is, is dié werkswyse taalkundig nie houdbaar nie, aangesien dit 'n vermenging van twee tekenstelsels verteenwoordig", naamlik die ortografiese tekenstelsel en die fonologiese tekenstelsel. Hierdie vermenging kom ook in HAT<sup>4</sup> en KW voor, wat identiese stelsels van hoofklemaanduiding vertoon, naamlik die plasing van 'n aksentteken ná die sillabe waarop die hoofklem val:

- (18) **hang'kas** [...]   
 **rond'te** [...]

Hierdie gebruik word leksikografies in HAT<sup>4</sup> en KW se metatekste verantwoord.<sup>11</sup> In die "Voorwoord by die Derde Uitgawe" van HAT<sup>4</sup> (p. x) word ook die keuse van die plasing van die aksentteken ná die betrokke sillabe verantwoord: "Navraag het [...] bewys dat die gebruiker die algemener gebruik van die aanduiding ná die beklemtoonde sillabe verkies." Hierdie stelling gee blyke van 'n poging om die gebruiker se behoeftes in ag te neem by die aanbod van taalkundige inligting, en dit toon goeie leksikografiese praktyk, mits die "navraag" onder 'n verteenwoordigende monster van die teikengebruikersgroep gedoen is. Dit beteken egter nie dat die huidige formaat van die aanbod van uitspraak-inligting noodwendig in alle gevalle gebruikersvriendelik is nie, veral ten opsigte van die moontlike teikengebruiker van KW.

### 6.1.2 Transkripsie

In gevalle waar die samestellers van HAT<sup>4</sup> oordeel dat 'n lemma uitspraakprobleme kan oplewer, word sodanige lemma deur middel van ortografiese herskrywing getranskribeer. Vergelyk die uitspraakleiding in die volgende HAT<sup>4</sup>-artikels:

- (19) (a) **chif'fon'** (uitspr. *sjif-fon'*) [...]   
 (b) **Chris'ten** (uitspr. *ch = k of g*) [...]   
 (c) **com'me il faut'** (uitspr. *kom'-miel fo'*) [...]

In 19(a) en (c) word volledige ortografiese herskrywing aangebied, terwyl (19)b 'n voorbeeld van gedeeltelike ortografiese herskrywing is. Gouws (1989: 268) lewer soos volg kommentaar op ortografiese herskrywing as transkripsietipe:

Ondanks die voordele van eenvoud en toeganklikheid wat 'n ortografiese herskrywing as transkripsietipe inhou, bly 'n fonetiese transkripsie uit 'n taalkundige oogpunt die suksesvolste manier van uitspraakleiding. Dit skep ook die ideale terrein vir die toepassing van ander uitspraak-inligtingstipes soos klem-aanduiding en sillabeverdeling.

Die argument dat fonetiese transkripsies te moeilik verstaanbaar vir die gemiddelde gebruiker is, is ongeldig. Volgens Louw (1997: 85) sou die aanpassing wat die aanleer of gebruik van die fonetiese alfabet van die gemiddelde gebrui-

ker vereis, nie veel groter wees as wat die aanleer en gebruik van byvoorbeeld *Reader's Digest Afrikaans-Engelse Woordeboek/English-Afrikaans Dictionary (Grobbeelaar 1987)* se sleutels sal verg nie. Indien die gemiddelde gebruiker buitendien woordeboekopleiding ontvang het aan die hand van 'n skoolwoordeboek wat hierdie stelsel gebruik, sal hy/sy min moeilikheid met HAT ondervind.

## 6.2 Woordklasaanduiding van die lemma

Anders as sy voorgangers, dui HAT<sup>4</sup> die woordklas van elke leksikale lemma byna konsekwent aan. Die enkele lemmata wat nie van hierdie inligting voorsien is nie, is waarskynlik per abuis oorgesien. Hierdie praktyk vind sy eggo in KW, waarin die aanbod van hierdie datakategorie essensieel is. Hierdie mate van konsekwentheid is 'n prestasie in die Afrikaanse leksikografie; daar word derhalwe by hierdie opmerking volstaan sonder om op die bewerking van subleksikale en multileksikale items ten opsigte van leksikale kategorie (vgl. hieroor Gouws 1989: 213-226) in te gaan.

## 6.3 Morfologiese inligting oor die lemma

HAT<sup>4</sup> is steeds inkonsekwent met die aanbod van morfologiese inligting oor lemmata. Vergelyk die volgende uittreksels uit HAT<sup>4</sup>:

- (20) (a) **jan·blom'** s.nw. (-me, -s) Donderpadda.  
 (b) **mid'del·voor** Middelste voorspeler in bv. hokkie of sokker [...]
- (21) (a) **glad** b.nw. en bw. (-der, -ste) 1 Met 'n oppervlak [...]  
 (b) **hard'han·dig** b.nw. en bw. Hard, ru van hand [...]

Volgens die "Voorwoord by die Derde Uitgawe" in HAT<sup>4</sup> (2000: ix) word samestellings in HAT<sup>4</sup> nie van meervoudsvorme voorsien nie. Die veronderstelling is dat samestellings se meervoude teruggevind kan word deur die laaste stam van die samestelling na te slaan, waar dié se meervoudsvorm aangedui word; dié vorm is dan van toepassing op die samestelling. Daarom word die meervoudsvorm van 'n lemma soos **janblom** ((20)(a)) aangebied, maar die kompositumlemma **middelvoor** ((20)(b)) word nie van hierdie inligting voorsien nie. Laasgenoemde voorbeeld illustreer egter die probleem met hierdie beginsel: Die stam *-voor* in *middelvoor* slaan naamlik nie op die substantief *voor* waarvan die meervoudsvorm *vore* is nie, maar wel op die setsel *voor* wat geen meervoud kan neem nie. Dieselfde geld die eerste stam *middel-*. 'n Meervoudsvorm behoort dus by die substantieflemma **middelvoor** aangebied te word. Om hierdie probleme te vermy, sal dit raadsaam wees om ten opsigte van alle substantieflemmata meervoudsvorme te verstrek. Die konsekwente toepassing van so 'n beginsel sal ook die verdere nut hê dat dit implisiet onderskeid tussen soortname (waar meervoudsvorme aangebied word) enersyds en massaname en abstrakta (waar meervoudsvorme nie aangebied word nie) andersyds tref, mits dié gebruik in die metateks verantwoord word.

Wat die aanbied van dimunitievorme ten opsigte van lemmata betref, word die volgende werkswyse in die metateks (HAT<sup>4</sup> 2000: ix) verklaar: "Soms word die verkleiningsvorm ook gegee, veral as dit wat die spelling betref, probleme kan skep." Om hierdie (enigsins vae) beginsel te toets, is 21 lukraak geselekteerde leksikale items in die dimunitievorm se opname in HAT<sup>4</sup> nagegaan. Die resultaat van hierdie toets word in Tabel 4 opgesom:

Leksikale element	Formaat in HAT <sup>4</sup>		Leksikale element	Formaat in HAT <sup>4</sup>	
	Morfol.	Lemma		Morfol.	Lemma
<i>apie</i>	+	+	<i>lampie</i>	+	-
<i>bordjie</i>	+	+	<i>lettertjie</i>	-	-
<i>broekie</i>	+	×	<i>liggie</i>	+	-
<i>dogtertjie</i>	-	-	<i>mannetjie</i>	+	+
<i>drukkie</i>	+	-	<i>pennetjie</i>	+	-
<i>glasie</i>	+	+	<i>prentjie</i>	-	+
<i>hondjie</i>	+	+	<i>rekenaartjie</i>	-	-
<i>karretjie</i>	+	+	<i>sebratjie</i>	-	-
<i>katjie</i>	+	+	<i>seuntjie</i>	-	-
<i>kindjie</i>	+	+	<i>vrouwtjie</i>	-	+
<i>knoppie</i>	-	-			

**Tabel 4:** Die lemmatisering van 'n aantal dimunitievorme in HAT<sup>4</sup>

(Legende: "Morfol." = opname van die betrokke afleiding as grammatiese inligting ten opsigte van die lemma wat die stam verteenwoordig; "Lemma" = opname van die dimunitievorm as selfstandige lemma; "+" = die betrokke leksikale item is opgeneem in die betrokke formaat; "-" = die betrokke leksikale item is nie in die betrokke formaat opgeneem nie; "×" = die dimunitievorm lei nie tot alfabetiese uiteenplasing in die standaard eksterne toegangstruktuur nie en verskyn derhalwe nie as aparte lemma nie)

Uit die selfverklarende resultate in Tabel 4 blyk dat die beginsel wat in die metateks verklaar word, nie konsekwent deurgevoer is nie.

In HAT<sup>4</sup> se metateks word geen melding gemaak van die hantering van adjektiewe nie. Uit die bestudering van die mikrostruktuur moet die gebruiker self aflei dat 'n adjektiewiese lemma in die predikatiewe vorm verskyn met geen inligting oor die attributiewe vorm in die artikelgleuf vir morfologiese inligting nie. Die attributiewe vorm van 'n adjektieflemma kan klaarblyklik uit die voorbeeldsinne afgelei word. In (21)(a) word die fleksieverbuigings vir trappe van vergelyking van die adjektieflemma *glad* aangebied, hoewel in die metateks (HAT<sup>4</sup> 2000: x) verklaar word dat dié inligting in die reël nie aangebied word nie, soos in (21)(b). Vir ongewone vorme word die gebruiker na die betrokke lemma se voorbeeldsinne verwys. Hierdie onsistematiese voorkoms behoort opgeklaar te word deur óf die beginsels wat in die metateks verklaar word sonder uitsondering toe te pas óf om die inligting ten opsigte van elke lemma in die artikelgleuf vir morfologiese inligting oor die lemmateken te plaas. Laasge-

noemde metodiek sou aanbeveel word ter wille van gebruikersvriendelikheid, hoewel ten koste van ekonomie.

Hierteenoor vertoon KW konsekwente toepassing van leksikografiese konvensies wat in die metateks verantwoord word: by substantieflemmata word die meervoudsvorm en die verkleiningsvorm gegee; by verbumlemmata word die verlededeelwoordvorm gegee; by adjektieflemmata word sowel die attributiewe vorm as die trappe van vergelyking van die betrokke lemma voorsien. Hierdie eksplisiete en konsekwente aangawe van grammatiese inligting oor die lemmata is gesonde leksikografiese praktyk, veral indien in ag geneem word dat die moontlike gebruiker van KW 'n leerder is.

#### 6.4 Semantiese kommentaar

In die bespreking oor semantiese kommentaar word primêr op die ooreenkomste en verskille tussen HAT<sup>4</sup> en KW gewys; HAT<sup>4</sup> word dus nie hier met HAT<sup>3</sup> vergelyk nie.

##### 6.4.1 Betekenisparafrases

In HAT<sup>4</sup> word betekenisparafrases geformuleer sodat hulle min of meer die lemmata waarop hulle betrekking het, binne konteks kan vervang. So kan die betekenisparafrase van die eerste polisemiese waarde van die adjektieflemma **groot** in (22)(a) (HAT<sup>4</sup> 2000: 332) die leksikale item *groot* in (22)(b) vervang om (22)(c) te lewer sonder verlies aan betekenis:

- (22) (a) **groot** [...] 1 Van meer as normale afmeting [...]  
 (b) Dit is 'n *groot* padkaart.  
 (c) Dit is 'n padkaart *van meer as normale afmeting*.

Hierdie metode van parafrasering verteenwoordig 'n teksverdichtingstrategie, aangesien betekenisparafrases in volsinvorm groot hoeveelhede kosbare ruimte in die woordeboek in beslag sou neem. Landau (2001: 164) wys op die probleem dat die beginsel van vervangbaarheid nie deurgaans toegepas kan word nie, soos onder meer op die leksikale items *aan, die, dit, in, is, ja* en *wat*. Hierop word nie verder ingegaan nie. Gouws (1989: 114-121) en Svensén (1993: 122-139) bespreek ook betekenisparafrases ("leksikografiese definisies") in besonderhede.

Volgens Landau (2001: 164) is *Collins COBUILD English Language Dictionary* (Sinclair et al. 1987) die eerste woordeboek wat die innoverende stelsel van betekenisparafrases in volsinvorm ingevoer het: "The editors of *Cobuild* decided that sentence definitions were easier for their readers to understand and gave them more assistance in learning how to use the word than a substitutable definition." Hierdie stelsel is volgens Landau prysenswaardig, veral die toepassing daarvan in woordeboeke gerig op aanleerders van die taal. KW het hierdie voorbeeld gevolg deur lemmata deurgaans van volsinparafrases te voorsien. In

die "Voorwoord" van KW (2000: iii) word die besluit om hierdie metode van parafrasering te volg, verantwoord: "Daardeur lees die definisie nie net makliker nie, en is dus nie net makliker verstaanbaar nie, maar die hoofwoord word onmiddellik gegee in 'n verband waarin dit in gewone Afrikaans gebruik word." Vergelyk die volgende uittreksels uit KW:

- (23) (a) **ge·sant'** [...] 1 'n Gesant is iemand wat 'n staat in 'n ander staat verteenwoordig, net laer in rang as 'n ambassadeur [...]  
 (b) **ne'tjies** [...] Iemand wat netjies is, is presies, skoon, ordelik [...]  
 (c) **stuk** [...] 1 'n Stuk is 'n brok, gedeelte, deel van iets anders [...] 4 In die geselstaal beteken **stuk** "nooi of kêrel" [...]

Uit (23)(c) blyk dat wanneer 'n lemma in sy selfnoemfunksie in 'n betekenisparafrase in KW optree, daardie leksikale item in vetdruk verskyn (dit wil sê dieselfde tipografiese struktuurmerker as dié van die lemmateken tree op), hoewel geen melding van sodanige stylbeginsel in die metateks gemaak word nie.

Volgens die "Voorwoord" in KW (2000: iii) word pragmatiese inligting oor die lemma ook in die betekenisparafrase gegee, wat die gebruik van leksikografiese etikette uitskakel. Vergelyk die vierde polisemiese waarde van die lemma **stuk** in (23)(c), wat in 'n standaardwoordeboek met 'n etiket soos (*geselstaal*) gemerk sou wees. Hieroor kortliks meer in die volgende afdeling (vgl. 6.4.2).

Die volsinparafrases in KW verteenwoordig 'n strategie wat in die eerste plek op die gebruiker (waarskynlik die skoolleerder) gerig is. Dit is goeie leksikografie. Op die spesifieke aard van volsinparafrases soos dit in KW voorkom, sal nie hier ingegaan word nie.

#### 6.4.2 Etiket

In HAT<sup>4</sup> word leksikografiese etikette gebruik om pragmatiese kommentaar op (bepaalde polisemiese waardes van) lemmata te lewer. Hierdie gebruik word effektief in die sentrale teks toegepas en deeglik in die metateks verantwoord (vgl. 3.2).

In die "Voorwoord" van KW (2000: iii) word gemeld dat die spesifieke verklaringstegniek wat in dié woordeboek gebruik word, die aangee van leksikografiese etikette in 'n hoë mate uitsluit omdat die betekenisparafrase self die verband aandui. Dit veronderstel dat leksikografiese etikette as spesifieke inskrywingstipe nie in KW figureer nie. Aangesien die gebruik van leksikografiese etikette nie net in Afrikaanse woordeboeke voorkom nie, maar reeds as 'n internasionale leksikografiese tradisie beskryf kan word, is dit jammer dat hierdie inskrywingstipe nie ook in KW ingesluit is nie. Indien die teikengebruiker van KW 'n leerder is, sou selfs die aangawe van etikette tesame met gelykluidende pragmatiese kommentaar in die betekenisparafrase voorgestel kon word. Om die leerder egter van toereikende woordeboekopleiding te voorsien, sou vereis dat minstens leksikografiese etikette as draers van pragmatiese inligting oor lemmata by die mikrostruktuur ingesluit word.

### 6.4.3 Voorbeeldmateriaal

Studies soos Gouws (1989), Lombard (1992), Rademeyer (1992, 1993) en Van Niekerk (1992) bespreek die aanwending en funksies van voorbeeldmateriaal (koteks) in Afrikaanse woordeboeke. Verder lewer Carstens (1995: 158-159) en Van der Merwe (1994: 236) spesifiek kommentaar op dié datakategorie in HAT<sup>3</sup>, wat oorgedra kan word op HAT<sup>4</sup>. Noemenswaardig is wel dat "heelwat meer sitate, ook van jonger skrywers en skrywers van ligter literatuur" opgeneem is "om juis 'n beeld van die werklike gebruik van Afrikaans te gee" (HAT<sup>4</sup> 2000: v). Hier word derhalwe bloot kortliks gewys op die belangrikste verskille tussen standaardwoordeboek en kernwoordeboek wat hierdie datakategorie betref.

Waarskynlik die belangrikste onderskeid tussen HAT<sup>4</sup> en KW wat voorbeeldmateriaal betref, is dat KW ten opsigte van elke (polisemiese waarde van 'n) lemma ten minste een koteksinskrywing aanbied, terwyl daar by talle lemmata in HAT<sup>4</sup> geen koteksinskrywings gegee word nie. Verder poog KW kenelik in soveel gevalle as wat ruimtelik toelaatbaar is om voorbeeldmateriaal in volsinvorm weer te gee, terwyl HAT<sup>4</sup> uitgebreid frases waarin die lemma as kernelement optree, gebruik. Gegee die teikengebruikers van hierdie twee woordeboeke, is dié enigsins uiteenlopende tipes weergawes van voorbeeldmateriaal funksioneel. KW verhoog sy toeganklikheid en daarmee sy gebruikersvriendelikheid deur hierdie praktyk wat die waarskynlikste gebruiker (die leerder) tot voordeel strek. Die gebruik van frases in KW kan ook pedagogies aangewend word in die opleiding van die teikengebruiker vir latere raadpleging van standaardwoordeboeke.

### 6.4.4 Illustrasies

Die gebruik van illustrasies in die sentrale tekste van Afrikaanse standaard- en beperkte woordeboeke het tot op hede nog geen verskyning gemaak nie. Veral ten opsigte van eentalige aanleerderwoordeboeke en skoolwoordeboeke behoort hierdie inligtingstipe aandag te geniet.<sup>12</sup> Vergelyk Gouws (1994), Landau (2001: 143-147) en Svensén (1993: 167-180) vir besprekings oor ostensiewe adresering.

### 6.5 Vaste uitdrukkings

Botha (1991) en Gouws (1990) bespreek die leksikografiese hantering van vaste uitdrukkings in Afrikaanse woordeboeke. Hier sal volstaan word met 'n kort verwysing na die ooreenkomste tussen HAT<sup>4</sup> en KW wat die bewerking van dié tipe multileksikale item betref.

Hoewel vaste uitdrukkings as multileksikale items leksikologies gesproke volledige lemmastatus in woordeboeke behoort te geniet, is dit in die Afrikaanse leksikografiese tradisie tot nog toe nie die geval nie (vgl. Gouws 1989: 97-101). In beide HAT<sup>4</sup> en KW is die gebruik om vaste uitdrukkings onder 'n lem-



ma wat deel van die betrokke uitdrukking vorm, in 'n rubriek gemerk "UITDR." te verklaar. Dié gebruik word soos volg in die metateks van HAT<sup>4</sup> (2000: xi-xii) verantwoord:

Indien daar 'n selfstandige naamwoord in die uitdrukking voorkom, sal die uitdrukking by die (eerste) selfstandige naamwoord voorkom. [...] Indien daar meer as een selfstandige naamwoord voorkom, word die uitdrukking onder die eerste selfstandige naamwoord verklaar [...] Sou daar geen selfstandige naamwoord voorkom nie, soek onder die eerste byvoeglike naamwoord, eerste bywoord, eerste werkwoord en eerste voorsetsel, in dié volgorde.

Volgens dié beginsel word die vaste uitdrukking *met huid en haar* onder die lemma **huid** in HAT<sup>4</sup> en KW opgeneem. In (24) word die betrokke artikel in KW weergegee:

- (24) **huid** *s.nw.* (huide)  
**1 Huid** is 'n deftige woord vir die vel van 'n mens: '*n Bruingebrande huid.*  
**2 Huid** is die afgeslagte vel van 'n groot dier (teenoor vel van 'n kleiner dier): *Die handel in huide en velle.*  
 UITDR. *Met huid en haar*, totaal, bv. '*n prooi met huid en haar opvreet.*  
**huid'aandoening.**  
**huid'arts.**  
**huid'plooi. huid'siekte.**  
**huid'vlek. huid'wond.**

Hoewel KW 'n identiese stelsel as HAT<sup>4</sup> in hierdie verband volg, word die ernstige leksikografiese fout in KW begaan dat dié stelsel glad nie in die metateks verantwoord word nie. Gebruikers (leerders) moet dus self probeer om die stelsel te ontrafel, wat hul woordeboekgebruikspogings frustreer as gevolg van ontoeganklikheid. Indien KW as skoolwoordeboek geld, is hierdie oorsig 'n selfs ernstiger tekortkoming.

## 6.6 Etimologiese inligting oor die lemma

In die "Voorwoord by die Derde Uitgawe" in HAT<sup>4</sup> (2000: viii) word te kenne gegee dat etimologiese inligting ten opsigte van lemmata tereg perifere inligting verteenwoordig, en sedert die tweede uitgawe is nie daarop uitgebrei nie.

Etimologiese inligting oor lemmata is nie vir die teikengebruiker van KW van belang nie, en word nie in dié woordeboek se mikrostruktuur opgeneem nie.

## 7. Gevolgtrekking

In 'n studie van hierdie omvang kan die standaardwoordeboek en kernwoordeboek nie volledig vergelyk word nie. Daarom is op enkele belangrike aspekte gekonsentreer. HAT<sup>4</sup> toon bepaalde ooreenkomste met KW wat (tans) funksio-

neel is: Indien KW beskou word as skoolwoordeboek, kan dié woordeboek as 'n soort voorloper vir HAT<sup>4</sup> beskou word deurdat die skoolverlater uiteindelik as volwasse taalgebruiker sal oorbeweeg van die gebruik van KW na die gebruik van HAT. In hierdie opsig sluit die twee woordeboeke tipologies mooi by mekaar aan. Problematiese aspekte van die makrostrukture, toegangstrukture en mikrostrukture in beide woordeboeke behoort egter uitgeklaar te word sodat die woordeboeke uiteindelik hul volle potensiaal as houers van taalkundige inligting kan verwesenlik. Hierin is die fokus op die teikengebruiker essensieel, wat by verstek die deeglike en toeganklike verantwoording van die leksikografiese praktyk in dié woordeboeke se onderskeie metatekste veronderstel.

### Aantekeninge

1. Die lemma **cool** is slegs as leenitem uit Engels geëtiketteer. Kennelik kort die etiket (*geselst.*).
2. Die mediostruktuur sal nie pertinent in hierdie artikel aan bod kom nie; vergelyk Gouws en Prinsloo (1998) en Svensén (1993: 194-199) vir besprekings van die mediostruktuur in woordeboeke. Carstens (1995: 159-163) bespreek spesifiek elemente van die mediostruktuur in HAT<sup>3</sup>.
3. 'n Probleem met hierdie opskrif is dat die woord *gebruiklikste* nie volledigheid veronderstel nie. In hierdie opsig is die opskrif van dieselfde afdeling in HAT<sup>4</sup> leksikografies meer bevredigend.
4. Juis vir die doel van BW, naamlik om vreemdetaalsprekers van diens te wees, is dit essensieel dat alle leksikale items wat in betekenisparafrases en koteksinskrywings voorkom, ook as lemmata opgeneem behoort te wees.
5. Die lemmateken van die leksikale item *November* is foutiewelik met 'n kleinletter gedruk.
6. Hier word nie op die meriete van die betekenisparafrases as sodanig kommentaar gelewer nie.
7. In HAT<sup>4</sup> is 100 groeperings van sublemmata lukraak as toets gekies. Dié seleksie het 1 236 sublemmata in bestek gehad. In KW is alle groeperings van sublemmata onder die letter S as toets gekies, wat 1 674 lemmata in bestek gehad het. (Die letter S is in KW gekies omdat dié deel van die sentrale teks 115 bladsye van die totale sentrale teks van 757 bladsye beslaan, wat 'n tekssteekproef van 15,19% verteenwoordig.)
8. In HAT<sup>4</sup> toon 6 (0,5%) van die 1 236 getoetste sublemmata alfabetiese afwyking, terwyl 24 (1,44%) van die 1 674 sublemmata in KW alfabetiese afwyking toon. Teen die agtergrond van hierdie lae frekwensies en die afwesigheid van semantiese struktuur in dié gevalle, is daar eerder sprake van ordeningsfoute as van tweedevlaknesting.
9. Legende: "sp" = sinoniemparadigma.
10. Die rekenaarvakaalpoliseem sal by inkorporering onder die lemma **aftas** op grond van relatiewe gebruiksfrekwensie moontlik die eerste polisemiese waarde word. Hier word duidelikhedshalwe egter aangeneem dat dié poliseem as derde poliseem naas die twee bestaendes bygevoeg sal word.
11. Hier word nie nou uitgebrei op die formaat van die verantwoordings nie.
12. Intussen het Rufus Gouws, Mariza Stark en Liezl Gouws se *Nuwe Woordeboek sonder Grense* (2004) by Maskew Miller Longman, Kaapstad, verskyn, waarin illustrasies wel in die sentrale teks voorkom.

## Verwysings

### Woordeboeke en ander taalnaalwerke

- Bresler, G.C.** 1978. *40 000 woorde*. Johannesburg: McGraw-Hill.
- De Villiers, M., J. Smuts, L.C. Eksteen en R.H. Gouws.** 1987. *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou.
- Gouws, Rufus, Ilse Feinauer en Fritz Poneis.** 1994. *Basiswoordeboek van Afrikaans*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Grobelaar, P. (Red.)**. 1987. *Reader's Digest Afrikaans-Engelse Woordeboek/English-Afrikaans Dictionary*. Kaapstad: The Reader's Digest Association.
- Labuschagne, F.J. en L.C. Eksteen.** 1993<sup>s</sup>. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Müller, Dalene.** 2003. *Skryf Afrikaans van A tot Z*. Kaapstad: Pharos.
- Odendal, F.F.** 2000. *Kernwoordeboek*. Midrand: Perskor.
- Odendal, F.F. en R.H. Gouws.** 2000<sup>a</sup>. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.
- Odendal, F.F., P.C. Schoonees, C.J. Swanepoel, S.J. du Toit en C.M. Booyen.** 1979<sup>2</sup>. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.
- Odendal, F.F., P.C. Schoonees, C.J. Swanepoel, S.J. du Toit en C.M. Booyen.** 1994<sup>3</sup>. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.
- Schoonees, P.C., C.J. Swanepoel, S.J. du Toit en C.M. Booyen.** 1965. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Sinclair, J. et al. (Reds.)**. 1987. *Collins COBUILD English Language Dictionary*. Londen: HarperCollins.
- Sinclair, J. et al. (Reds.)**. 1995<sup>2</sup>. *Collins COBUILD English Language Dictionary*. Londen: HarperCollins.
- Taalkommissie van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.** 2002<sup>9</sup>. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.

### Ander bronne

- Beyer, Herman L.** 2000. Nuwe dinge in *Nuwe woorde* — 'n Oorsig oor buitemikrostrukturele leksikografiese vernuwings. *Lexikos* 10: 275-290.
- Botha, T.J.R., F.A. Poneis, J.G.H. Combrink en F.F. Odendal (Reds.)**. 1989<sup>2</sup>. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria/Kaapstad: Academica.
- Botha, W.F.** 1991. Die lemmatisering van uitdrukkings in verklarende Afrikaanse woordeboeke. *Lexikos* 1: 20-36.
- Carroll, J.B.** 1971. Development of Native Language Skills beyond the Early Years. Reed. C. (Red.). 1971: 97-156.
- Carstens, Adelia.** 1995. 'n Kritiese beskouing van HAT<sup>3</sup>. *Lexikos* 5: 138-165.
- Combrink, J.G.H.** 1990. *Afrikaanse morfologie: Capita exemplaria*. Pretoria: Academica.
- Cruse, D.A.** 1986. *Lexical Semantics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- De Stadler, L.G.** 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

- De Stadler, L.G.** 1991. Sintagmatiese leksikale betrekkinge in Afrikaans. *Lexikos* 1: 61-82.
- Diller, K.** 1971. *Generative Grammar, Structural Linguistics and Language Teaching*. Rowley, Mass.: Newbury House.
- Dromi, Esther.** 1987. *Early Lexical Development*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Eksteen, L.C.** 1989. Die Afrikaanse woordeskat. Botha, T.J.R. et al. (Reds.). 1989: 358-381.
- Emejulu, James Duplessis (Red.).** 2001. *Éléments de Lexicographie Gabonaise. Tome 1*. New York: Jimacs-Hillman.
- Gleitman, Lila en Barbara Landau.** 1994. *The Acquisition of the Lexicon*. Cambridge, Mass./Londen: Massachusetts Institute of Technology.
- Gouws, R.H.** 1988. Die gebruik van etikette as leksikografiese hulpmiddel. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Geleentheidsuitgawe 6, April 1988.
- Gouws, R.H.** 1989. *Leksikografie*. Pretoria/Kaapstad: Academica.
- Gouws, R.H.** 1989a. Leksikale semantiek. Botha, T.J.R. et al. (Reds.). 1989: 382-411.
- Gouws, R.H.** 1990. Vaste uitdrukkings as multileksikale lemmas in Afrikaanse woordeboeke. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (30)4: 265-283.
- Gouws, R.H.** 1994. Ostensiewe adressering in vertalende woordeboeke. *Lexikos* 4: 61-85.
- Gouws, R.H.** 1996. Bilingual Dictionaries and Communicative Equivalence for a Multilingual Society. *Lexikos* 6: 14-31.
- Gouws, Rufus H.** 2001. Lexicographic Training: Approaches and Topics. Emejulu, James Duplessis (Red.). 2001: 58-94.
- Gouws, Rufus H.** 2002. Niching as a Macrostructural Procedure. *Lexikos* 12: 133-158.
- Gouws, R.H. en D.J. Prinsloo.** 1998. Cross-Referencing as a Lexicographic Device. *Lexikos* 8: 17-36.
- Landau, Sidney I.** 2001<sup>2</sup>. *Dictionaries: The Art and Craft of Lexicography*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Lombard, F.J.** 1992. Voorbeeldmateriaal in woordeboeke. *Lexikos* 2: 148-164.
- Louw, Phillip Adriaan.** 1999. Access Structures in a Standard Translation Dictionary. *Lexikos* 9: 108-118.
- Louw, Phillipus Adriaan.** 1997. *Kriteria vir 'n standaard vertalende woordeboek*. Ongepubliseerde M.A.-skripsie. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Lyons, John.** 1977. *Semantics. Volume 2*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Lyons, John.** 1981. *Language and Linguistics: An Introduction*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Moe, Ronald.** 2003. Compiling Dictionaries Using Semantic Domains. *Lexikos* 13: 215-223.
- Otto, A.N.** 1995. Resensie van *Basiswoordeboek*. *Lexikos* 5: 219-231.
- Rademeyer, L.** 1992. *Die funksies van verbale voorbeeldmateriaal in eentalige woordeboeke*. Ongepubliseerde M.A.-skripsie. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Rademeyer, L.** 1993. Funksies van voorbeeldmateriaal in eentalige woordeboeke. *Lexikos* 3: 205-214.
- Reed, C. (Red.).** 1971. *The Learning of Language*. New York: Appleton-Century-Crofts.
- Singleton, David.** 2000. *Language and the Lexicon: An Introduction*. Londen: Arnold.
- Stark, Mariza.** 2001. *Die toegangstruktuur in verklarende aanleerderwoordeboeke*. Ongepubliseerde M.A.-skripsie. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Svensén, Bo.** 1993. *Practical Lexicography: Principles and Methods of Dictionary-Making*. Oxford: Oxford University Press.
- Van der Merwe, H.J.J.M. (Red.).** 1968. *Afrikaans: Sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: J.L. van Schaik.

- 
- Van der Merwe, H.J.J.M.** 1968. Die Afrikaanse woordeskat. Van der Merwe, H.J.J.M. (Red.). 1968: 111-147.
- Van der Merwe, Michele.** 1994. 'n Evaluering van die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* as standaard verklarende woordeboek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (34)4: 231-236.
- Van Niekerk, A.E.** 1992. Kollokasies: 'n Leksikografiese perspektief. *Lexikos* 2: 254-264.
- Wiegand, Herbert Ernst.** 1990. Printed Dictionaries and their Parts as Texts: An Overview of More Recent Research as an Introduction. *Lexicographica* 6: 1-126.
- Wiegand, Herbert Ernst.** 1996. A Theory of Lexicographic Texts: An Overview. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 14(4): 134-149.
- Wierzbicka, Anna.** 1985. *Lexicography and Conceptual Analysis*. Ann Arbor: Karoma.
- Wierzbicka, Anna.** 1996. *Semantics, Primes and Universals*. Oxford: Oxford University Press.
- Zgusta, Ladislav.** 1971. *Manual of Lexicography*. The Hague: Mouton.